# Watter Dag is die Ware Christelike Sabbat – die Ware Dag van die Here?

Die Sabbat/Sondag omstredenheid word al eeue lank gedebateer.Sabbathouers maak daarop aanspraak dat Jesus Christus nooit die Sabbat van die sewende dag na die eerste dag van die week verander het nie.Sondaghouers beweer dat die Nuwe Testamentiese Christene die eerste dag van die week moet onderhou en dat die Sabbat verander was na Sondag. MAAR WAT LEER DIE BYBEL? WAT HET JESUS GELEER EN DEUR VOORBEELD GEDOEN? HET PAULUS DIE HEIDENSE BEKEERLINGE GELEER OM DIE SEWENDE DAG SABBAT OF DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK TE ONDERHOU? Hierdie publikasie sal die sleutelskrifgedeeltes aangaande die Sabbat ondersoek en sal die BYBELSE WAARHEID aangaande die deur-God-verordineerde korrekte dag van aanbidding aantoon. U REDDING HANG AF VAN DIE WAARHEID VAN GOD SE WOORD!

## Deel 1

## Die Rede vir die Dispuut

Die meeste belydende Christene glo dat Christus hulle Verlosser is en dat Hy vir hulle sondes gesterwe het - wat waar is. Hulle glo ook dat, sodra 'n mens Jesus Christus as Verlosser en Heer aanvaar het, dan is hy of sy onder die genade van God - wat waar is. Maar eens onder genade, word hulle geleer dat 'n Christen geen verpligting het om die gebooie van God te onderhou nie. - wat NIE waar is nie. Sommige belydende Christene vat hierdie teologiese dwaling selfs verder deur te sê dat Jesus Christus alles vir die Christen gedoen het en is daar gevolglik geen vereiste dat hy of sy die wette en gebooie van God moet gehoorsaam nie. As mens sodanige leringe egter van nader beskou raak dit gou duidelik dat die argumente wat aangevoer word niks anders is nie as vleeslike menslike regverdigings vir die verwerping van die Vierde Gebod van God met betrekking tot die Sewende dag Sabbat - Saterdag vandag - ten einde Sondag te onderhou.

Die gevolg is dat miljoene geleer is om die Vierde Gebod te verontagsaam en te verwerp selfs al het God die woorde daarvan self, persoonlik, gespreek. Toe God die Tien Gebooie gegee het, het Hy duidelik beveel dat die sewende dag Sabbat die enigste dag van die week is wat onderhou moes word as ‘n heilige samekoms van God. Hoofstroom Christendom leer egter dat Sondag, die eerste dag van die week, die Christelike dag van aanbidding is – die Dag van die Here. Dit word gesê dat Sondag die oorspronklike sewende dag Sabbat van die Ou Testament vervang het. Die uiteindelike, vals gevolgtrekking is dat die Ou Testament sewende dag Sabbat, Saterdag, slegs vir die Jode was! Gevolglik moet Sondag, die eerste dag van die week deur Christene as heilig onderhou word maar nie die sewende dag weeklikse Sabbat nie! Let egter daarop dat Sondag-onderhouende teoloëe, bedienaars en godsdienstige mense hierdie stellings maak ten spyte daarvan dat God die Vader, Jesus Christus en die apostels nooit, te eniger tyd, beveel het dat die eerste dag van die week as heilig gehou moet word nie.

Is hierdie verregaande leringe waar? Wat sê die bybel self vir ons? Wat het Jesus Christus ons in werklikheid geleer? Wat het die apostels geleer? Watter dag het die apostels as die Christelike Sabbatdag onderhou? Wat leer die geïnspireerde rekord van die Nuwe Testament in werklikheid? Soos ons sal sien, is die lering van Sondagonderhouding in teenstelling met die Woord en bevele van God soos gevind in beide die Ou Testament en die Nuwe Testament.

## Jesus Christus se Leringe Aangaande die Woord van God

Ten einde die waarheid aangaande die Christelike Sabbat te verstaan, moet ons begin by sekere basiese maklik-verstaanbare skrifgedeeltes. Ten eerste, Spr. 14:12 en 16:25, "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood," en, Spr. 16:2, "Al die weë van 'n man is suiwer in sy oë." Die weg van die mens is sonde en dood. Die apostel Johannes het geskryf: "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid (I Joh. 3:4). Daarom sondig enigeen wat die gebooie van God breek! Sonde bring die dood want "die loon van die sonde is die dood" (Rom.6:23).

Jesus het gekom om lewe te bring en om ons te leer hoe om volgens God se Weg te lewe! Hy het dit absoluut duidelik gemaak: " Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar **van elke woord wat deur die mond van God uitgaan**" (Matt. 4:4; Luk. 4:4; Deut. 8:3).

Feitlik alle belydende Christene maak daarop aanspraak dat hulle daarna behoort te strewe om volgens Jesus se leringe te lewe. Verder het Hy persoonlik 'n aantal baie eksplisiete instruksies gegee betreffende 'n mens se gesindheid jeens die wette van God. Hy het geleer: " Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul" (Matt 5:17). Om te "vervul" beteken nie om die Wet en die Profete af te skaf of op te hef nie. Om te "vervul" beteken om tot volle maat vol te maak, om op te vul, of soos Jesus geleer het, vol te maak met ware geestelike betekenis en begrip – werklik die teenoorgestelde van die afskaffing of opheffing van God se wette.

In een van die mees belangrike profesieë aangaande Jesus en die Wet, was Jesaja geïnspireer om te skryf, " Dit het die HERE behaag ter wille van sy geregtigheid om die onderwysing, ["wet" in Hebreeus], groot en heerlik te maak" (Jes. 42:21). Dit is presies wat Jesus gedoen het!

Verder wou Jesus nie hê dat daar by ons enige twyfel moet wees oor wat hy gesê het nie. Aangesien Hy nie wou gehad het dat enigiemand selfs "dink – wat nog te sê ooit "leer" – dat Hy die Wet en die Profete sou afskaf, het Hy hierdie uitspraak gebasseer op die bestaan van die hemel en die aarde. In die volgende vers sê Hy: " Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie" (Matt. 5:18). Hemel en aarde bestaan nog, daarom is die wette, gebooie en profetiese geskrifte van God steeds bindend.

## Al die Gebooie van God is op Liefde Gebaseer

Ver daarvan om Christene los te maak van hulle verpligting om die gebooie van God te onderhou, het Jesus dit duidelik gemaak dat hulle die gebooie van God uit hulle harte uit, gemotiveer deur liefde vir God die Vader en Jesus Christus, moet onderhou. Hier volg wat Jesus geleer het oor gebodsonderhouding: "As julle My liefhet, bewaar My gebooie" (Joh. 14:15). Die Grieks is meer nadruklik en die werklike betekenis van hierdie woorde van Jesus kan vertaal word, "As julle My liefhet, hou die gebooie, naamlik Myne!"

Hierdie verklaring deur Jesus is absoluut duidelik. Sal jy glo wat Jesus gesê het? Het jy Jesus Christus lief? As jy Hom liefhet sal jy Sy gebooie hou. Verder laat Jesus geen ruimte vir twyfel dat die Wet en die Profete op liefde gebaseer is nie. "En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. **Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete**" (Matt. 22:37-40).

In sy eerste sendbrief versterk die apostel Johannes Jesus se verklaring verder. Hy het geskryf: “Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (I Joh. 2:4-6).

Hierdie geïnspireerde skrifgedeeltes maak dit oorvloediglik duidelik dat enigiemand wat daarop aanspraak maak dat hy of sy Jesus ken en liefhet maar nie Sy gebooie hou nie, ‘n leuenaar is!

In I Johannes 5:2-3 maak die apostel Johannes dit verder duidelik: “Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie” (1Joh. 5:2-3). Hy met dit absoluut duidelik gemaak dat ‘n mens deurlopend die gebooie van God moet  “hou” en “beoefen.”

Die meeste belydende Christene maak daarop aanspraak dat hulle die “Here liefhet,” terwyl hulle terselfdertyd weier om Sy gebooie te hou – in besonder die sewende dag Sabbatsbevel van God. Hulle sê dat die Sabbatsbevel ‘n las is! God het egter nie die Sabbat ‘n las gemaak nie maar eerder as ‘n vreugde!

## Jy kan God nie Liefhê en Terselfdertyd Sy Gebooie Verwerp nie

Ongeag die aansprake deur mense, is dit onmoontlik om God lief te hê en nie Sy gebooie te onderhou nie. En tog is dit tipies wat vanaf veronderstelde Christelike preekstoele gepredik word. Op een of ander manier maak sulke leraars in werklikheid daarop aanspraak dat hulle meer as god weet! In werklikheid predik hulle dat Jesus nie bedoel het wat Hy gesê het nie. In effek maak hulle dus ‘n leuenaar van God. Maar dit is onmoontlik vir God om te liegb (Titus 1:2; Heb. 6:18). Mense word geleer dat hulle nie die gebooie van God hoef te onderhou nie. Hulle word geleer dat daar slegs van die Christen vereis word om God en naaste lief te hê met ‘n warm emosionele gevoel in hulle harte. As jy goed voel daaroor, moet dit reg wees. Maar so ‘n beroep op liefde en emosie is, in werklikheid, leeg en tevergeefs. Sulke misplaasde emosionaliteit is nie die soort liefde wat deur die Skrif geleer word nie.

In die finale analise is die valse gevolgtrekking waartoe hulle kom, dit: Christene kan kies watter gebooie hulle wil hou en watter nie. En die belangrikste gebod wat hulle kies om te verwerp en nie onderhou nie is die Vierde Gebod! God het beveel, “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.” Nietemin, omdat die meeste mense hulle eie weg verkies, ignoreer, vergeet en verwerp  hulle dadelik wat God beveel het om te heilig. Die apostel Paulus het hierdie gesindheid beskryf: “omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie (Rom 8:7).

Hierdie vers gee die perfekte beskrywing van wat die ingesteldheid van die vasbeslote Sondagonderhouers jeens die Vierde gebod is. Hulle is vyandiggesind teenoor en in sommige gevalle haat hulle selfs die sewende dag Sabbat van God! Sulke leringe is egter in teenstelling met die leringe van Jesus Christus ons Verlosser. Hy het gesê: “ Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mat 4:4; Lul. 4:4; Deut. 8:3 ). Hierdie woorde van Jesus maak dit oorvloediglik duidelik dat niemand die prerogatief het om te kies en te keur watter gebooie van God hy of sy wil onderhou nie. Ons moet leef van elke woord wat uit God se mond gaan. Die vraag is derhalwe: Is ons gewillig om te leef van elke woord van God?

Wat moet ons doen om die Woord van God te verstaan? Hoe "leef ons" van elke woord van God? Wat sê die Bybel vir ons? As ons die waarheid van God wil handhaaf dan moet ons, soos die gelowiges van Berea, "En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Hand. 17:11). Dit is elke indiwiduele Christen se verantwoordelikheid om: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (Ithess. 5:21).

Wat leer die Bybel ons oor die gebooie van God? Hier is wat koning Dawid, 'n man na die hart van God, geskryf het oor die wette en bevele van God: " U WET is WAARHEID...AL U GEBOOIE is WAARHEID...die HELE INHOUD VAN U WOORD is WAARHEID...al u GEBOOIE is GEREGTIGHEID" (Psa. 119:142, 151, 160, 172). In Sy laaste gebed, net voor Sy arrestasie, het Jesus die Vader gevra om ware Christene deur Sy woord te heilig. Hy het gebid: "Heilig hulle in u waarheid; U WOORD is die WAARHEID" (Joh. 17:17).

Ongelukkig huldig te veel Christene die wanopvatting dat as enigiets uit die Ou Testament kom, dit hulle vrystaan om dit te ignoreer. Op die keper beskou, so word geredeneer, "Ditt was net vir die Jode. Christene moet slegs die Nuwe Testament volg." Maar dit is nie waar nie. Die waarheid is dat die Nuwe Testament openbaar dat al die gebooie van God onderhou moet word. Meer nog – ware gelowiges moet die gebooie van God in die "gees van die wet" hou, soos verheerlik en groot gemaak deur Jesus, en nie slegs in die "letter van die wet" nie.

Die apostel Paulus het aan die jong evangelis, Timotheüs aangaande die Skrif van God, die Ou Testament geskrywe. Hy het dit nie geïgnoreer of verwerp soos baie hedendaagse leraars nie. Hy het die woord van God as die waarheid en geïnspireer deur God, gehandhaaf. "en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2Tim. 3:15-17).

for every good work" (II Tim. 3:15-17). Soos ons sal sien vind dit direkte toepassing op die Sabbat/Sondag kwessie.

## Met die Skepping het God die Sewende Dag Sabbat as Heilige Tyd Geskep

Die meeste mense huldig die wanopvatting dat die sewende dag Sabbat oorspronklik net aan die Jode gegee is. Dit is nie waar nie! Die bybel leer duidelik dat God van die skepping af die sewende dag heilig gemaak het. "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak" (Gen. 2:1-3).

Dit is asof mense dink dat Adam en Eva Jode was. Maar hulle was nie. Die skriftuurlike waarheid is dat die Jode eers omtrent 3000 jaar na die skepping op die toneel verskyn het. Verder is 3000 jaar na die skepping van die sewende dag Sabbat omtrent die helfte van die mens se geskiedenis! Daar bestaan geen twyfel nie dat God die sewende dag Sabbat vir die hele mensdon gemaak het. Jesus het dit self bevestig: "En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat

nie" (Mark. 2:27). Die Griekse woord *anthropos* beteken die mensdom in die algemeen. Hy het nie gesê dat die Sabbat slegs vir die Jode gemaak is nie.

Die Nuwe Testament leer duidelik dat ware Christene die geestelike kinders van Abraham is: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Gal. 3:29). As ons dan die geestelike kinders van Abraham is, moet ons sy voorbeeld volg en die werke van Abraham doen (Joh. 8:29). As ons die skriftuurlike weergawe van Abraham se lewe bestudeer sien ons dat hy God in alles gehoorsaam het: "**omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het**" (Gen. 26:5).

Aangesien dit vanselfsprekend is dat die Sabbatsopdrag reeds met die skepping gegee is, is daar geen twyfel dat Abraham die sewende dag sabbat gehou het nie. Sou hy nie, kan dit nie gesê word dat hy die gebooie van god gehou het nie. Wat die bybel ons leer, is dit: Abraham, wat die vader van die gelowiges in die Nuwe Testament genoem word, het verder gegaan as blote letter-van-die-wet gebodsonderhouding. Hy het die stem van God gehoorsaam en die dinge gedoen wat Hom behaag het. Daarom is Abraham 'n "vriend van God" genoem (Jak. 2:23).

## God het die Sabbat aan die Kinders van Israel Gegee nog *Voor* Berg Sinaï en die Gee van die Wet

As ons die skrif ondersoek vind ons dat God die sewende dag Sabbat as die weeklikse dag van aanbidding aan die kinders van Israel openbaar het nog voordat hulle die tien Gebooie by Berg Sinaï ontvang het. Dit was met ander woorde ook voordat die verbond met hulle bevestig is. God het hierdeur gewys dat Sabbatsonderhouding noodsaaklik is voor die instelling van die Ou Verbond. Dit bewys weereens dat die Sabbatsopdrag geldig was vanaf die tyd van die skepping.

Ons vind in Exodus 16 hoe god die Sabbat openbaar deur die wonderwerk van die manna. God het vir hulle gesê dat hulle daagliks, vir ses dae, manna moes bymekaar maak. Op die eerste vyf dae moes hulle net genoeg bymekaar maak vir daardie dag. As hulle meer sou bymekaar maak as wat hulle nodig gehad het vir die dag sou die manna wurms kry en stink.

Maar, is hulle aangesê om op die sesde dag tweekeer soveel as op ander dae bymekaar te maak en dit oor te hou vir die sewende dag Sabbat. Op die Sabbat het die manna wat oorgehou is vanaf die sesde dag nie wurms gekry en gestink nie! God het geen manna op die Sabbat gestuur nie. Die kinders van Isral is beveel om nie op die Sabbat uit te gaan en vir manna te soek nie.

Maar daar was tog diegene wat God nie geglo het nie! Sommiges het gedurende die week meer bymekaar gemaak as wat hulle moes en die manna het wurms gekry en gestink. Ander weer het op die Sabbat uitgegaan en vir manna gesoek maar niks gevind nie.

Wat was God se reaksie?

"Toe sê die HERE vir Moses: Hoe lank weier julle om my gebooie en my wette te onderhou? Kyk, omdat die HERE julle die sabbat gegee het, daarom gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie. So het die volk dan op die sewende dag gerus" (Exo. 16:28-30).

Min mense begryp dat die sabbat 'n gawe van god is. Die Here het gesê dat Hy die Sabbat vir hulle gegee het. Weereens, die Sabbat was gemaak vir die mens.

Die wonderwerk van die manna bewys dat die Sabbat van primêre belang vir God is. Hierdie gedeelte in Exodus wys duidelik dat God van die kinders van Israel vereis het om Sy gebooie en wette te onderhou nog voordat die Wet aan israel by Sinaï gegee is, trouens, God se wette en gebooie is van die begin af bindend op die hele mensdom.

Aangesien dit 'n skriftuurlike waarheid is moet elkeen van ons onsself afvra, "Hoe lank gaan ek voortgaan om te weier om die gebooie van God te gehoorsaam? Hoe lank gaan ek weier om God se Sabbat te hou?"

## Die Vierde Gebod in Geheel

Toe die Here God, die Een wat later Jesus Christus geword het, die Sabbatsgebod as deel van die Tien Gebooie gegee het, het Hy ook die rede vir die Sabbat gegee. Laat ons die Vierde Gebod noukeurig beskou: "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.

Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. **Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig**" (Exo. 20:8-11).

Laat ons ook lees hoe die Vierde Gebod in Deuteronomium hoofstuk vyf aangeteken is: "**Onderhou die sabbatdag**, dat jy dit heilig soos die HERE jou God jou beveel het. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar **die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God**; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy. En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; **daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou**" (Deut. 5:12-15).

Verder het God beveel dat die sabbat 'n heilige samekoms moet wees. Die sewende dag sabbat, wat aan God behoort, is die weeklikse dag van aanbidding en samekoms, wat hy beveel het gehou moet word. "Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; géén werk mag julle doen nie dit is 'n sabbat van die HERE in al julle woonplekke" (Lev. 23:2-3).

Laat ons al die komponente van God se Sabbatsgebod – die Vierde Gebod – analiseer. Wat sê god vir ons?

1. God het die Sabbat vir ons gegee. Dit is 'n groot geskenk van Hom af.

2. Onthou die sabbatdag om dit te heilig – nie 'n ander dag wat ons self kies nie.

3. God het vir ons ses dae gegee om al ons werk te doen.

4. Ons moet op die sewende dag rus van ons werk en arbeid.

5. Dit is 'n weeklikse herrinnering aan god se skepping van hemel en aarde.

6. Dit is ‘n herrinnering aan Israel se slawerny en afwesigheid van Sabbatsonderhouding in Egipte.

7. Dit is die enigste dag van die week wat spesifiek deur God geseën, afgesonder is en geheilig is.

8. Die sewende dag Sabbat is ‘n heilige byeenkoms, ‘n dag van samekoms en aanbidding.

9. Die belangrikste aspek van die Vierde Gebod is miskien die feit dat God die eienaar van die Sabbat is. Dit behoort aan God en hy het dit vir die mens gemaak.”Die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God.”

Dink so daaraan: Aangesien God die eienaar van die Sabbat is, het mense die reg om die bevel van God te verwerp en daarop aanspraak te maak dat hulle oor die gesag beskik om ‘n ander dag heilig te maak? NATUURLIK NIE! Ongeag enige aanspraak tot die teendeel is dit nêrens in die Skrif te vinde dat God die Vader of Jesus Christus enige mens of kerk die gesag gegee het om Sy bevele te verander nie. Die sewende dag Sabbat is God se spesiale heilige tyd wat hy vir die voordeel van die mensdom geskape het. God is die Een wat beveel waarvoor die sewende dag is en wat op daardie dag gedoen moet word.

In werklikheid, deur Sondag aan te neem en deur die sewende dag Sabbat – Saterdag - te verwerp, het mense op arrogante wyse die heilige Sabbat van God ontheilig. Daardeur is hulle dubbeld skuldig voor God. Ten eerste het hulle Gos se heilige tyd gesteel. Ten tweede probeer hulle vrlossing verdien deur hulle eie werk van Sondagonderhouding. Ten derde probeer hulle ‘n ander dag heilig maak wat nie deur God heilig gemaak is nie. NET GOD KAN IETS HEILIG MAAK, WANT HY IS HEILIG! Geen mens kan enigiets heilig maak nie want die mens is nie inherent heilig nie – net God is!

Anders geseien, God is die Een wat die mens beveel. Die mens beveel nie vir God of sê vir God wat om te doen nie. Maar, as die mens dit op hom neem om moedswilliglik vir God te sê wat om te doen – of wat hulle nie sal doen nie uit hoofde van ‘n menslike dekreet of tradisie – **is dit rebellie teen God.**

Dit is in effek wat mense doen as hulle Sondag as heilig verkondig – hulle rebelleer teen God. Hulle verklaar dat God Sy teenwoordigheid in die erste dag van die week moet plaas en dit heilig instede van die sewende dag Sabbat. God is egter onder geen verpligting om enige mens of mensgemaakte tradisie, dekreet of gebruik te gehoorsaam nie. In teendeel, die ganse mensdom is verplig om God te gehoorsaam! God is onder geen verpligting van enige mens om hom te gehoorsaam nie. Geen mens het die mag om God te beveel nie.

## God is die Wetgewer

Die Skrif openbaar dat daar slegs een wetgewer is. Daardie een wetgewer is God. Vleeslike, rebellerende mense dink hulle het die reg om die wette van God te oordeel en vir hulleself te besluit met watter wette hulle saamstem en watter hulle aanvaar, aan die een kant, en met watter wette hulle nie saamstem nie en verwerp, aan die anderkant. Maar wat is die mens dat hy kan veronderstel om die Wet te oordeel en gevolglik, die Wetgewer te oordeel? God het nooit daardie prerogatief aan enigiemand gegee nie. God alleen is regter en Wetgewer! Die apostel Jakobus maak dit baie duidelik: “en as jy die wet oordeel, is jy nie ‘n dader van die wet nie, maar ‘n regter. Een is die Wetgewer. Hy wat mag het om te red en te verderf ” (Jak. 4:11-12).

Hierdie stellings is baie diepgaande!

Dink daaraan: Is diegene wat die Vierde Gebod oordeel as onwaardig om te gehoorsaam nie eintlik besig om die Wet te oordeel nie? Inderdaad! Oordeel hulle dan nie ook vir God self nie? Inderdaad! As enigiemand die wet oordeel dan oordeel hy tegelykertyd ook vir God, die Een wat die Wet gegee het. Wat is die mens dat hy dit op hom neem om die Wet te oordeel? In effek sit hy dan op die sitplek van God en neem vir homself die prerogatief van God self. Op die keper beskou – hy verklaar homself as God!

Daar is, soos Jakobus geskrywe het, egter slegs een Wetgewer, met die mag om te red of te verderf.

Die Wetgewer het nooit beveel dat die eerste dag van die week as heilig onderhou moet word nie! Net Hy het die sewende dag van die week geskep en dit heilig gemaak! Enige ander uitsprake deur mense is in teenstelling daarmee en derhalwe van nul en gener waarde. Soos wat ons later sal sien, is dit presies wat die Israeliete gedoen het. Hulle het gerebelleer en die sabbat nie onderhou nie. Hulle het agter ander gode aangeloop. Hulle het agter Baal aangeloop – die songod. Die songod word op sy dag aanbid, Sondag.Die kinders van Israel en die kinders van Juda het teen God gesondig want hulle het God se heilige Sabbat en Sy ander heilige dae verwerp en Sondag en heidense vakansiedae van Baal, die songod, gehou. Mense doen dieselfde vandag! Deur dit te doen, verwerp hulle die heilige samekomste van God.

Deur hulle eie tradisies te verhef, onderhou die Rooms Katolieke Kerk en hoofstroom Protestantisme Sondag en het hulle die Sabbatsgebod van God verwerp. Hierdie is dieselfde gee en gesindheid wat die Jode gemotiveer het om die gebooie van God te verwerp. Jesus veroordeel die tradisies van die Jode deur te sê: "Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie" (Mark. 7:6-8).

Elkeen wat sondag onderhou en die sewende dag Sabbat verwerp, val in hierdie kategorie. Deur god se gebooie te verwerp en die tradisies van mense na te volg, word hulle as sondaars voor God uitgemaak. Sondagonderhouding is 'n sonde! Sondagonderhouding is die oortreding van die Vierde Gebod van God! In I Johannes 3:4 lees ons: "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid." "Elkeen" beteken enigiemand – Jood of nie-Jood! Hierdie vertaling is diepgaande as dit toegepas word op hulle wat die Vierde Gebod verwerp en Sabbatsonderhouding met Sondagonderhouding vervang. Hulle sondig voortdurend. Hulle lewe en beoefen op 'n weeklikse basis 'n leuen! Sondagonderhouding is 'n teken van hierdie wêreld se valse, afvallige Christelikheid, terwyl Sabbatsonderhouding 'n teken is van God se weg.

## Sabbatsonderhouding is 'n Teken Tussen God en Sy Mense

Net soos Sondagonderhouding 'n teken is van hierdie wêreld se afvallige Christelikheid, is Sabbatsonderhouding, insluitende die jaarlikse heilige dae Sabatte, (sien Levitikus 23), 'n teken tussen God en Sy mense: "Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: Spreek jy met die kinders van Israel [die Kerk van God word die 'Israel van God' genoem in Gal. 6:16], en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want **dit is 'n teken tussen My en julle** in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig" (Exo. 31:12-13). NIKS KAN DUIDELIKER AS DIT WEES NIE! Deel van wat dit beteken om geheilig te word is om God se Sabatte te onderhou as 'n TEKEN!

Ons lees verder in Exodus 31 dat God Sabbatsonderhouding as ‘n ewige verbond bevestig, net soos dit van die begin af was. “Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit [“die loon van die sonde is die dood” en “die sonde is wetteloosheid” – Rom. 6:23; I Joh. 3:4 - (Exo. 31:14).

Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees ‘n dag van volkome rus, heilig aan die HERE. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word. En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as ‘n **ewige verbond**. **Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig ‘n teken**; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik” (Exo. 31:15-17).

‘n Ewige verbond is ‘n ewigdurende verbond. As sulks vervang en gaan dit alle ander verbonde te bowe. Hierdie ewige verbond is ingesluit in elke verbond van God vanaf die skepping!

## Sabbatsverbreking is Opstand teen God

Ons lees in Esegiël 20 dat god die kinders van Israel beveel het om weg te draai van die afgode van Egipte, dus, die godsdiens van Egipte, en hulle te wend tot onderhouding van Sy wette en Sabbatte. “En Ek het hulle my insettinge gegee en my verordeninge aan hulle bekend gemaak, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe. Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om ‘n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig.

**Maar die huis van Israel was wederstrewig teen My in die woestyn; hulle het nie in my insettinge gewandel nie en my verordeninge verwerp, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; en my sabbatte het hulle baie ontheilig**” (Eseg. 20:11-13). Weens die sondes van die kinders van Israel in die woesteny het god hulle gestraf deur hulle vir 40 jaar daarin te laat rondtrek totdat almal ouer as 20 jaar gesterf het.

Aan die einde van die veertig jaar, net voor hulle die beloofde land binnegegaan het, het God weereens by die kinders van Israel gepleit: “Maar Ek het aan hulle kinders in die woestyn gesê: Wandel nie in die insettinge van julle vaders nie en onderhou nie hulle verordeninge nie en verontreinig julle nie met hulle drekgode nie. Ek is die HERE julle God; wandel in my insettinge en onderhou my verordeninge en doen dit. En **heilig my sabbatte; en hulle sal ‘n teken wees tussen My en julle**, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is. Maar die kinders was **wederstrewig** teen My: hulle het nie gewandel in my insettinge en my verordeninge nie onderhou om dit te doen nie—wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; **hulle het my sabbatte ontheilig**” (Eseg. 20:18-21). Hulle het God verwerp. Hulle het gerebelleer en geweier om Sy gebooie en wette te onderhou.

Dit verskil hemelsbreed van wat die meeste mense deur Katolieke en Protestantse teoloë geleer is. In hulle bose aanvalle teen God se gebooie het die sogenaamde “vroeë kerkvaders” van die Roomse Katolieke Kerk die Sabbat en heilige dae van God as ‘n oplegging of ‘n las teen die Jode beskou as straf vir hulle ontrouheid. “Justin … did not hesitate to designate the Sabbath as a mark of unfaithfulness of the Jews, imposed on them by God to distinguish and separate them from other nations” (Anti-Judaism and The Origin of Sunday, p. 81, Samuele Bachiocchi, 1981). In sy Dialogue op 23:2.

Justinianus het sy aanval teen God se weg voortgesit toe hy aan Trypho geskryf het: " We, too, would observe your circumcision of the flesh, your Sabbath days, and in a word, all your festivals, if we were not aware of the reason why they were imposed upon you, namely, because of your sins and your hardness of heart."

Die sogenaamde "vroeë kerkvaders" het geleer dat dat God die Sabbat aan die Jode gegee het as 'n straf om hulle te vervloek. Gevolglik verwerp hulle die heilige Sabbat van God as 'n vloek wat die Jode opgelê is as 'n teken van hulle ontrouheid. Sulke verdraaide denke deur teoloë is onverstaanbaar maar ongelukkig waar.

Ten einde hulle teologiese redenasies te regverdig, wys hulle op Esegiël 20:25 "So het Ék dan ook aan hulle insettinge gegee wat nie goed was nie, en verordeninge waardeur hulle nie sou lewe nie" (Eseg. 20:25). Oppervlakkig beskou lyk dit of hulle beoordeling korrek is. Hulle het egter, op 'n misleidende wyse hierdie vers geïnterpreteer deur dit heeltemal uit konteks op te neem. Die vorige vers, vers 24, wys dat hulle absoluut verkeerd is om tot die gevolgtrekking te kom dat die Sabbatte van God, die heilige dae en Sy statute en verordeninge die Jode opgelê is as 'n straf en om hulle te merk vir hulle ontrouheid.

Let op wat die Skrif ons leer. As verse 24 en 25 saamgelees word, vertel hulle duidelik 'n ander verhaal as wat die sogenaamde "vroeë kerkvaders" wil hê ons moet glo.

God het gesê: "omdat hulle my verordeninge nie gehou het nie, maar my insettinge verwerp het en my sabbatte ontheilig het en hulle oë agter die drekgode van hulle vaders aan was. So het Ék dan ook aan hulle insettinge gegee wat nie goed was nie, en verordeninge waardeur hulle nie sou lewe nie" (Eseg. 20:24-25). Hierdie verse sê nie dat God se weg 'n vloek is nie! Wat God vir ons sê is dat, omdat die kinders van Israel God se weg verwerp het, Sy statute en verordeninge, Sy Sabbatte ontheilig het, het Hy hulle oorgegee aan hulle eie weë en aan hulle eie statute en verordeninge.

Die waarheid is at die Israeliete die Sabbatte van Gos en Sy wette verwerp het; hulle het hulle eie godsdiens ontwikkel – volgens die patroon van Baal aanbidding en die antieke Egiptiese godsdiens. Hulle het hulle eie "sabbatte " gehad – wat Sondagaanbidding van Baal was. Hulle het verdermeer die jaarlikse heidense vakansiedae gehou – die hedendaagse Kersfees en Paasfees (sien I Kon. 12:25-33; 13:33-34). Dit is hierdie sondes wat God se vervloeking oor hulle gebring het. Die getroue onderhouding van God se Sabbatte bring seën, nie vervloeking nie.

Die "insettinge" en "verordeninge" in Esegiël 20:25 verwys nie na God se gebooie, insettinge en verordeninge nie. Heeltemal die teendeel is waar. God het hulle oorgegee aan hulle eie "insettinge" en "verordeninge" as deel van hulle heidense godsdienstige waarnemings.

Hulle het God se weë opsetlik verwerp. "'n Sameswering van sy profete is in hom, soos 'n leeu wat brul, wat prooi verskeur; hulle eet die siele op; skatte en kosbare dinge neem hulle weg; die weduwees vermeerder hulle daarin. Sy priesters verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; **tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie**, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; **daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig**" (Eseg. 22:25-26).

Nie alleen was dit waar in die dae van Esegiël nie, maar hierdie profesie is 'n volmaakte beskrywing van die Katolieke, Ortodokse en Protestantse godsdienste van ons dag. Die priesters en leraars sluit

hulle oë vir die Sabbatte van God en Hy word ontheilig onder hulle! Geen wonder ons gemeenskap is onheilig, boos en korrup nie.

God bedoel wat Hy sê oor Sy Sabbatdae. Die tien-stam volk van Israel het God se weë verwerp en sy Sabbatte besoedel. Die uiteindelike gevolg was dat Hy vyande gestuur het om hulle te vernietig. Nadat die Assiriërs hulle gevangene geneem het, is hulle uit hulle land, wat God aan hulle gegee het, verwyder. God het hulle in gevangeneskap laat gaan vir hulle Sabbatsverbreking en al hulle ander sondes. God het Sy rede vir hulle straf vir hulle sondes ten volle laat aanteken: “Want die kinders van Israel het gesondig teen die HERE hulle God wat hulle uit Egipteland onder die hand van Farao uit, die koning van Egipte, laat optrek het; en hulle het ander gode gevrees en gewandel volgens die insettinge van die nasies wat die HERE voor die kinders van Israel uit verdryf het, en van die konings van Israel wat dit bewerk het.

En die kinders van Israel het heimlik volbring wat nie reg was teenoor die HERE hulle God nie; en hulle het vir hul hoogtes gebou in al hulle stede, van wagtoring af tot versterkte stad. En hulle het vir hul klippilare en heilige boomstamme opgerig op elke hoë heuwel en onder elke groen boom. En hulle het daar offerrook laat opgaan, op al die hoogtes, soos die nasies wat die HERE voor hulle uit weggevoer het, en verkeerde dinge gedoen om die HERE te terg. En hulle het die drekgode gedien waarvan die HERE vir hulle gesê het: Julle mag dit nie doen nie. En die HERE het Israel en Juda gewaarsku deur die diens van elke profeet en elke siener en gesê: Bekeer julle van jul verkeerde weë en onderhou my gebooie, my insettinge, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het, en wat Ek deur die diens van my diensknegte, die profete, vir julle gestuur het.

Maar hulle het nie geluister nie en hul nek verhard soos die nek van hul vaders wat nie op die HERE hulle God vertrou het nie. En hulle het sy insettinge en sy verbond verwerp wat Hy met hulle vaders gesluit het, en sy getuienisse waarmee Hy hulle gewaarsku het, en agter nietige afgode aan geloop en self nietig geword, en agter die nasies aan wat rondom hulle was, van wie die HERE hulle beveel het om nie soos hulle te maak nie. En hulle het al die gebooie van die HERE hulle God verlaat en vir hulle gegote beelde, twee kalwers, gemaak, ja, ‘n heilige boomstam gemaak en gebuig voor die hele leër van die hemel en Baäl gedien. En hulle het hul seuns en hul dogters deur die vuur laat deurgaan en met waarsêery omgegaan en voortekens verklaar en hulleself verkoop om te doen wat verkeerd was in die oë van die HERE, om Hom te terg. So het die HERE dan baie toornig op Israel geword, sodat Hy hulle van sy aangesig verwyder het; niks het oorgebly nie as net die stam van Juda alleen” (2Kon.17:7-18).

Miskien moet ons onsself ‘n paar ernstige vrae afvra oor ons eie “Christen” nasie. Doen ons nie dieslfede dinge as wat Israel van ouds gedoen het nie? **Staar ons nie vernietiging van binne en inval van buite in die gesig vanweë ons sondes en Sabbatsverbreking nie?**

Die profesieë van die Bybel wys dat God hierdie nasie gaan vernietig weens gebodsverbreking! As jy nie glo dat ons nasie ly aan gruwelike nasionale en indiwiduele sondes nie, kyk net om jou rond en sien wat is aan die gebeur! Die mees opvallende sondes is Sabbatsverbreking, afgodediens en Sondagonderhouding.

Lees hoofstuk 28 van Deuteronomium en Levitikus 26 in hulle geheel, en jy sal verstaan waarom ons onder die vloeke van God vir ons sondes ly. God het laat profeteer dat hierdie vloeke oor ons sou kom as ons Sy gebooie verwerp en weier om Hom te gehoorsaam. As ‘n gemeenskap en in feitlik elke Christen denominasie, verbreek ons nie alleenlik die gebooie van God straffeloos nie, maar is

Sondagonderhouding aan die hart en siel van al ons nasionale oortredings. Sondagonderhouding is ‘n leuen! Sondagonderhouding kom nie van God sf nie – dit het nog nooit nie! Daar is nie een enkele vers in die Bybel wat Sabbatsverbreking en Sondagonderhouding regverdig nie.

As jy ‘n Sondagonderhouer is, vra jouself die volgende vrae af: “Hoe lank sal ek weier om die gebooie van God te gehoorsaam? Hoeveel ander leuens en valse leringe is ek oortuig om te glo omdat ek die leuen van Sondagonderhouding geglo het?”

## Jou Persoonlike Verlossing Hang af van Jou Soeke na God en Onderhouding van Sy Sabbat

In die Nuwe Testament, in die boek van Hebreërs, word dit gesê dat ons moet glo dat God bestaan en dat ons Hom naarstigtelik moet soek. “En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom soek” (Heb. 11:6). Hoe doen ons dit? Glo dit of nie, as jy God waarlik soek sal jy Sabbatsonderhouding verstaan. “Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jes.55:6-7).

Dit is presies wat ons in die Nuwe Testament beveel word. Ons moet ons bekeer van ons sondes wat insluit om weg te draai van ons eie weë en om terug te keer na God se weë. Ons moet die offerhande van Jesus aanvaar vir die vergifnis van ons sonde, gedoop word deur ten volle onder die water gedompel te word en die gawe van die Heilige Gees te ontvang. Daarna moet ons ‘n lewe lei van liefde vir God met ons hele hart, verstand en wese en ons naaste soos onsself. En ons moet God se gebooie onderhou soos gelei deur die Heilige Gees (Luk. 13:1-6; Hand.2:38; 3:19; Openb. 14:12; 22:14).

Jesaja het geprofeteer dat, in die eindtyd, net voor die wederkoms van Christus, verlossing Sabbatsonderhouding sal insluit. “So sê die HERE: Bewaar die reg en doen geregtigheid; want my heil is naby om te kom [die wederkoms van Christus]en my geregtigheid om geopenbaar te word. Welgeluksalig [nie vervloek nie] is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou; wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en sy hand terughou, dat dit geen kwaad doen nie... En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees—elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond [die Nuwe Verbond]” (Jes. 56:1-2, 6).

God sê aan ons dat daar ‘n seën verbonde is aan die onderhouding van Sy Sabbat as heilig, nie ‘n vloek nie, soos wat so baie mense geleer is nie. Verder, nie-Jode moet ook die Sabbat hou. God het nooit, te eniger tyd, Sondag as die die dag van aanbidding vir nie-Jode aangewys nie. Die waarheid is dat alle sonde die oortreding van die wet is en dat vloeke die gevolg is van sonde. Vloeke is nie die gevolg van Sabbatsonderhouding nie, eerder die gevolg van Sabbatsverbreking. Enigiemand wat die Vierde Gebod verbreek en die Sabbat nie hou nie, leef in sonde.

Hierteenoor verleen God ‘n spesiale seën as ons waarlik Sy Sabbat eer en heilig hou. Let op God se belofte: “As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag [Sondag is nie God se heilige dag nie] te doen nie, en as jy die sabbat ‘n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die

hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek" (Jes. 58:13-14).

As ons die geskiedenis van Israel en Juda, soos gevind in die boeke van Konings en Kronieke, lees, sien ond dat hulle, elke keer as hulle van God weggedraai het, hulle gewend het tot Baal en die gode van die nasies rondom hulle; hulle het gesondig deur die gebooie en wette van God te verbreek. Wanneer hulle, hulle egter bekeer het en terug gedraai het na God, was een van die eerste dinge wat her-ingestel is, Sabbatsonderhouding en onderhouding van die jaarlikse heilige dae.

Daar is baie ander skrifgedeeltes in die Ou Testament wat die onderhouding van die sewende dag Sabbat handhaaf as synde die dag deur God geskep en verordineer om gehou te word. Soos ons sal sien handhaaf die Nuwe Testament ook die onderhouding van die sewende dag Sabbat. Dit is nodig dat ons die ware gebruike en leringe van Jesus Christus en die apostels verstaan.

# Deel 2

## Die Sewende Dag Sabbat in die Nuwe Testament

## Jesus Christus se Leringe Aangaande die Gebooie van God

Die belangrikste sleutel to begrip van die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament, is om te weet wie Jesus Christus was voordat Hy in die maagd Maria ontvang is en in die vlees gebore is.Dit het 'n groot invloed op die persoon en outoriteit van Jesus Christus.

Die evangelie van Johannes openbaar die volgende aangaande Jesus Christus: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie" (Joh. 1:1-3).

Wat word duidelik hier gesê? Kom ons ondersoek dit in die lig van wat ons reeds weet. Ons het gesien dat IN DIE BEGIN HET GOD ALLE DINGE GESKAPE EN DIE EEN WAT DIE SKEPPINGSWERK GEDOEN HET IS DIE EEN WAT JESUS CHRISTUS GEWORD HET.

Hierdie kennis is van die uiterste belang want dit beteken dat Jesus Christus die Skepper van die sewende dag Sabbat is. Hy was die Een wat dit geseën het en dit geheilig het en beveel het dat dit vir ewig onderhou moet word. Vertel die apostel Johannes vir ons dat die Here God van die Ou Testament, wat Jesus Christus  van die Nuwe Testament geword het, die Een was wat die Tien Gebooie en al die wette, gebooie, insettinge en verordeninge aan Israel gegee het by Berg Sinaï.

God het vir ons gesê dat hierdie wette, gebooie, insettinge en verordeninge heilig, regverdig en goed is. God het dit aan ons gegee vir ons welstand sodat Hy ons in alles kan seën, want God het ons lief. (Sien Deut. 4:1, 37-40; 5:29-33; 6:1-6, 17-18, 24-25; 7:6-15; 10:12-15; 11:1-28. Lees asseblief hierdie skrifgedeeltes voordat jy verdergaan sodat jy die volle impak van Jesus se leringe in die Nuwe Testament kan verstaan).

Toe Jesus Christus Sy bediening begin het, het Hy dit baie duidelik gemaak waar Hy staan met betrekking tot die wette van God. Hierdie was die wette en gebooie wat Hy, as die Here God van die Ou Testament, geskep en en beveel het om vir ewig onderhou te word.

## Jesus Christus het nie die Wet of die Profete Afgeskaf nie.

Toe Jesus sy bediening begin het wou hy nie gehad het dat enigiemand moet twyfel oor die geldigheid van die bevele en wette van God nie – sowel as die profete. Dit is wat Hy gesê het: "Moenie **dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie**. **Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul**" (Matt. 5:17). En tog verkondig die meerderheid belydende Christen leraars dat Jesus gekom het om weg te doen met die wette en gebooie van God – al het Christus dit absoluut duidelik gemaak dat Hy nie vir daardie doel gekom het nie!

'n Mens moet jou geloofsopvattinge oordeel met verwysing na wat Jesus geleer het. Vra jouself af: "**Sal ek God, die Woord van God, Jesus Christus en Sy leringe glo, of sal ek die leringe en doktrine van mense glo**?"

Met dit in gedagte, lees die volgende vers: "Want voorwaar Ek sê vir julle, **voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie**" (Matt. 5:18).

Bestaan die hemel en die aarde nog? NATUURLIK! Hulle bestaan nog. Wat beteken dit met ander woorde? Die hemel en die aarde is 'n getuienis dat die wette en bevele van God steeds in ten volle van krag is.

Verder, hoe kyk Jesus christus na gebodsonderhouding? Vervloek hy die gebodsonderhouer soos wat soveel godsdiendtige leiers en leraars sê, of sê Hy dat daar 'n seëning is vir gebodsonderhouding? Meer nog, wat sê Hy oor gebodsverbrekers?

LUISTER NA DIE WOORDE VAN JESUS CHRISTUS! AS JY GLO DAT HY JOU VERLOSSER IS, IS JY BEREID OM SY WOORDE TE GLO? IS JY BEREID OM SY LERINGE TE GEHOORSAAM? IS JY BEREID EN GEWILLIG OM SY VOORBEELD TE VOLG?

Jou ewige verlossing is op die spel!

Jesus het verduidelik watter wette en gebooie Hy na verwys het! "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele" (Matt. 5:19). Jesus Christus het self gesê dat ons geseënd is, nie vervloek nie, as ons selfs net een van die minste van die gebooie doen en leer.

Toe Jesus gevra is wat 'n mens moet doen om die ewige lewe te beërwe, het hy geantwoord: " Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matt. 19:17). Die ryk jongman het hierop geantwoord dat hy die gebooie van jongs af gehou het. Jesus het hierop gereageer deur vir hom te sê dat Hy sy goed moes verkoop en aan die armes gee aangesien, terwyl gebodsonderhouding vereis word om die ewige lewe te beërwe, dit nie genoeg is op sy eie nie.

Dit is presies wat die vroeë Nuwe Testamentiese Christene geleer is. Johannes het in die 90s n.C. geskryf dat Christene die gebooie van God moes hou. "en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, **omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.. En hy wat sy gebooie**

**bewaar, bly in Hom, en Hy in hom**. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het" (1Joh. 3:22, 24).

Let op die apostels se antwoord toe hulle aangaande hulle prediking en gebruike bevraagteken is: "En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.... En ons is sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is" (Hand. 5:29, 32). Daar bestaan geen vraag daaroor dat ons steeds verplig is om God, eerder as mense, te gehoorsaam nie. Ons moet bereid wees om die leringe van mense te versaak. Indien nie, sal ons nooit die Heilige gees of die ewige lewe ontvang nie.

## Al God se Wette is op Liefde Gebaseer

Jesus Christus het geleer dat die hele basis vir die wette en gebooie van God, die liefde van God is. 'n Skrifgeleerde het jesus uitgevra omtrent die wet en gesê, "Meester, wat is die groot gebod in die wet?" Let op Jesus se antwoord: "En Jesus antwoord hom: **Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod.** En die tweede wat hiermee gelykstaan: **Jy moet jou naaste liefhê soos jouself**. **Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete**" (Matt. 22:37-40).

Soos aangeteken in die Evangelie van Johannes, het Jesus uitgebrei op die betekenis van hierdie twee groot gebooie. "As julle My liefhet, bewaar my gebooie.... Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar....As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak. Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het" (Joh. 14:15, 21, 23-24).

Niks kan duideliker wees nie! As ons Jesus Christus liefhet sal ons Sy gebooie hou. 'n Presiese vertaling van hierdie gedeeltes uit die Grieks wys daarop dat, as iemand God die Vader en Jesus Christus liefhet, is daardie liefde aktief. Daar bestaan geen twyfel daaroor dat ons Jesus bedoel het dat ons Sy gebooie en selfs Sy woorde moet hou nie. Verdermeer is daardie gebooie en woorde die gebooie en woorde van God die Vader! Wil God hê dat jy die Sabbat moet onderhou? Absoluut! Geen twyfel daaroor nie.

Die onderhouding van God se gebooie, insluitende die sewende dag Sabbat, is die maatstaf of standaard waarvolgens ons weet dat ons God liefhet: "Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. **Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie**" (I Joh. 5:2-3). Verder is gebodsonderhouding die 'n sleutel tot beantwoorde gebed. "en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, **omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom**." (I Joh. 3:22)

Om die Sabbat op 'n liefdevolle, goddelike wyse te hou en God "in gees en waarheid" te aanbid, is seersekerlik welgevallig voor Hom. Dit is alles deel daarvan om God lief te hê. Mens kan God nie waarlik lief hê as mens Sy gebooie oortree nie! Met al die voorgaande in gedagte kan ons heeltemal Jesus Christus se lering en voorbeeld aangaande die Sabbat verstaan.

## Jesus se Lering en Voorbeeld Aangaande die Sabbat

## Jesus Christus het die Sabbat Gehou

Jesus Christus het die weeklikse, sewende dag Sabbat as ‘n gewoonte of gebruik onderhou – dit was iets wat hy altyd gedoen het. Let byvoorbeeld, (net na Hy die evangelie in Galilea begin predik het), op die skrifgeeelte uit Lukas 4:16: “Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en **soos Hy gewoond was**, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees.”

Nadat Jesus uit Nasaret weg is het Hy voortgegaan om in die hele Galilea te preek op die Sabbatdag. Hy het nie verkondig dat Hy gekom het om met die Sabbatsgebod weg te doen nie. “En Hy het afgekom na Kapérnaüm, ‘n stad van Galiléa, en hulle **op die sabbat geleer**. En hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag” (Luk. 4:31-32).

Jesus het op baie daaropvolgende Sabbatte geleer. Die Sabbat, soos ons gesien het, was gemaak as ‘n seën vir die hele mensdom. Jesus het die Sabbat gebruik om te preek en te leer; Hy het die Sabbat ook gebruik om God se seëninge van genesing en uitdrywing van demone aan die mense te laat toekom. Jesus het die Sabbat gebruik om mense van sonde los te maak – NIE OM HULLE IN SONDE IN TE LEI NIE! Die Sabbat is derhalwe ‘n dag van verlossing en redding – ‘n dag van seëning!

## Jesus het op die Sabbat Genees om ‘n Voorbeeld te Stel van om Goed te Doen

Markus het ook aangeteken dat Jesus op die Sabbat mense genees het. “En Hy het weer in die sinagoge gegaan, en dáár was ‘n man met ‘n verdorde hand. En hulle het Hom in die oog gehou, of Hy hom op die sabbat gesond sou maak, sodat hulle Hom kon aanklae. [Let op die Joodse godsdienstige leiers se haatvolle, onbarmhartige gesindheid]. En Hy sê vir die man met die verdorde hand: Staan op in hul midde. Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, ‘n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly. En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle hart, sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een. Toe gaan die Fariseërs uit en hou dadelik raad met die Herodiane teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring” (Mark. 3:1-6).

God het nie die Sabbat as ‘n las vir mense gemaak nie. Die Joodse godsdienstige leiers het egter honderde “letter-van-die-wet” moets-en moenies wat die sabbat belaai het met rigiede en harde beperkings, verorden. Hierdie reëls van hulle het dit onmoontlik gemaak om die Sabbat te hou soos wat God dit bedoel het, te wete as ‘n dag van rus, verblyding en aanbidding van God in gees en waarheid.

Die Sabbat is as ‘n dag van vrymaking van ons moeite en fisiese werk geskep. Dit is bedoel as ‘n dag waarop ons God moet lief hê, om nader aan Hom te wees en om met Hom gemeenskap te hê. (I Joh. 1:3-4). Net soos wat die Sabbat ‘n dag is om te rus van ons moeite en fisiese werk, moet dit ook gebruik word as ‘n dag van vrymaking van ons sondes. Dit is waarom Jesus voortdurend genees het op die Sabbat. In Johannes hoofstuk vyf vind ons die liefdevolle, vergewensgesinde en genesende gesindheid en handelinge van Jesus gekontrasteer met die skynheilige, selfgeregtige houding van die

Fariseërs. In die oë van die Fariseërs het Jesus se handeling van genesing op die Sabbat, Sabbatsverbreking daargestel.

In werklikheid was Jesus se genesingshandeling 'n uitreikingshandeling van God se liefdadigheid wat 'n mees aangewese uitdrukking van die ware betekenis en doel van die Sabbat daarstel. God het die sabbat gemaak sodat die mens met Hom in kontak kan wees en Sy seëninge kan ontvang. Watter groter seën kan 'n gebreklike man ontvang as om op die Sabbat genees te word?

Kom ons bekyk die gebeure van nader. "En 'n sekere man was daar, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het. Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word? Die sieke antwoord Hom: Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in. Jesus sê vir hom: Staan op, neem jou bed op en loop. En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop. En daardie dag was dit sabbat. Die Jode sê toe vir hom wat genees was: Dit is sabbat; dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie. [ Die Joodse godsdienstige leiers verwys nie hier na 'n wet van God nie maar na 'n selfgemaakte tradisie van hulle. Jesus sou nooit iemand beveel het om te sondig nie.] Hy antwoord hulle: Hy wat my gesond gemaak het, Hy het vir my gesê: Neem jou bed op en loop. Toe vra hulle hom: Wie is die man wat vir jou gesê het: Neem jou bed op en loop? Maar hy wat gesond geword het, het nie geweet wie dit was nie; want Jesus het Hom verwyder, omdat daar 'n skare op die plek was. Daarna het Jesus hom in die tempel gekry en vir hom gesê: Kyk, jy het gesond geword; **moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie**. Die man het gegaan en aan die Jode vertel dat dit Jesus was wat hom gesond gemaak het" (Joh. 5:5-15).

Hoe het die Jode gereageer? Was hulle bly dat Jesus die man genees het? Nee! Wou hulle Hom volg as Seun van God? Definitief nie! Let op hulle reaksie: "En hieroor het die Jode Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die sabbat gedoen het. En Jesus het hulle geantwoord: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook. Hieroor het die Jode toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie [volgens hulle eie mensgemaakte reëls], maar ook God sy eie Vader genoem het en Hom met God gelykgestel het. Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so" (Joh 5:16-19).

Die Jode het nie verstaan dat geestelike werk – soos byvoorbeeld genesing, hulp aan die armes en haweloses – op die Sabbat, God verheerlik nie, en dat dit deel vorm van die goeie werke van die Sabbatdag nie. Dit is nie 'n werk van moeite vir beloning nie.

## Jesus Christus is Here van die Sabbat – Hy is nie Here van Sondag nie

Na 'n verdere dispuut oor Sabbatsonderhouding – toe Sy dissipels koringare gepluk het om op die Sabbat te eet – het Jesus dit baie duidelik gemaak dat Hy *Here van die Sabbat* is.

En Hy sê vir hulle: Die **sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie**. [Jesus behoort seker te geweet het, Hy het, per slot van sake, die Sabbat gemaak]. **Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat"** (Mark. 2:27-28). Niks kan meer waar wees nie. Jesus, as Skepper, *besit* die Sabbat!

LEES HIERDIE SKRIFGEDEELTES WEER! WATTER DAG HET JESUS GESê IS DIE DAG VAN DIE HERE, SY DAG? WAS DIT SONDAG? Absoluut nie!

Die Here se dag is nie Sondag soos wat die meerderheid belydende Christene geller het nie. **Jesus het gesê dat die Here se dag die Sabbatdag is. Die sabbatdag is die sewende dag van die week, bekend as Saterdag. Dit is nie Sondag, die eerste dag van die week, nie. Daarom is die ware dag van die Here van die Nuwe Testament, die sewende dag Sabbat.**

## Die Apostels het die Sabbat Gehou

Jesus se laaste opdrag voordat Hy in die hemel opgevaar het, was baie duidelik. Let op wat Hy die apostels beveel het om te doen en te leer: "En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; **en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het**. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen"  (Matt. 28:18-20).

Volgens Jesus se eie woorde moes die apostels net die dinge wat hulle by hom geleer het, doen en leer. Die oorspronklike apostels het nooit Sondagaanbidding geleer nie want *hulle* het nooit Sondagaanbidding beoefen of aangeleer nie. Feit is egter dat die geskiedenis wys dat dit byna 300 jaar geneem het voordat die Romeinse Keiser Konstantyn Sondag as 'n dag van aanbidding ingestel het, (wat sy voorkeur was as dag van aanbidding). Dit is sekerlik ook oorvloediglik duidelik uit die Skrif dat hy geen gesag gehad het om die Sabbatsgebod van God te verander nie.

In die boek Handelinge vind ons dat die apostel Paulus mense op die Sabbat geleer het, trouens, toe hy aanvanklik in Griekeland begin predik het, het hy persoonlik die Sabbat onderhou. Omdat daar geen sinagoges was nie het hy 'n plek van gebed opgesoek waar mense die Sabbat gehou het.

Hier is wat Lukas vir ons aangeteken het: "en daarvandaan na Filíppi, wat die eerste stad is van daardie deel van Macedónië, 'n kolonie. En ons het in hierdie stad 'n paar dae deurgebring. En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier waar die gebruiklike bidplek was, en ons het gaan sit en met die vroue gespreek wat daar bymekaargekom het" (Hand.16:12-13).

In hierdie deel van Griekeland het Paulus onder die heidene gepreek. Belangriker nog, sien ons dat die heidene die Sabbat gehou het nog voordat Paulus onder hulle gepreek het. Hierdie feit is presies die teenoorgestelde van wat teoloë verkondig. Maar omdat hulle God se wette minag, leer hulle dat die Sabbat vir die Jode is en Sondag vir die heidene is! Dit is heeltemal vals! Paulus het die heidene op die Sabbat geleer en hulle geleer om die Sabbat te hou! Ek meen, op die keper beskou – wat 'n ideale geleentheid was dit nie vir Paulus nie om die heidene te leer dat hulle nie nodig gehad het om die sewende dag Sabbat te onderhou nie! Maar wat het Paulus geleer? Die Sabbat!

Kom ons kyk na nog voorbeelde van Paulus se leringe en gebruike. "En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte" (Hand. 17:2).

## Paulus het die Heidene op die Sabbatdag Geleer

As Paulus wou verkondig het dat die dag van aanbidding in werklikheid verander is vanaf die sewende dag van die week na die eerste dag van die week, sou hy dit sekerlik op hierdie volgende geleentheid gedoen het. Hierdie weergawe in Handelinge doen weg met die bewering dat die Sabbat slegs vir die Jode was en dat Sondag die nuwe dag van aanbidding vir die heidene was. "Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochíë in Pisídië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit" (Hand. 13:14). Nadat Jesus Christus aan hulle verkondig is was baie

van die Jode geaffronteerd. Desnieteenstaande wou sommige Jode en meeste van die heidene meer van die evangelie van Jesus Christus weet. "En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat **daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word**. En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly. En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor" (Hand. 13:42-44).

As dit waar sou wees, soos deur teoloë verkondig en deur miljoene kerkgangers geglo, dat Sondag die dag van aanbidding vir die heiedene is, het Paulus sekerlik 'n goue geleentheid gemis om hulle van Sondag te leer. Hy kon vir hulle gesê het om net die volgende dag, Sondag, die eerste dag van die week, terug te kom. Hy kon net die volgende dag met Sondagdienste instede van Sabbatsdienste te hou – MAAR HY HET NIE!

## Genade en Sabbatsonderhouding Gaan Hand-aan-Hand:

## Genade Elimineer nie Sabbatsonderhouding nie

Die apostel Paulus en Barnabas het nie die heidene geleer dat genade die noodsaaklikheid om die Vierde Gebod te gehoorsaam, elimineer nie. Inteendeel, hulle is aangesê om in die genade van God te bly met Sabbatsonderhouding! En tog verkondig hoofstroom Christendom dat mens in die genade van God veragter as jy die heilige Sabbat van God onderhou. Niks is verder van die waarheid nie. Inteendeel wys Hand. 13:42-44 dat Paulus geleer het dat genade en Sabbatsonderhouding hand-aan-hand gaan. Die heidene is op die Sabbat geleer om "in die genade van God te bly." Genade gee nie aan mens 'n lisensie om God se sewende dag Sabbat te verwerp en dit te vervang met Sondag nie. En tog maak die meeste Sondagonderhoudende predikers die valse aanspraak dat hulle, deur genade, die outoriteit het om die Sabbat te verwerp en Sondag as die dag van die Here te verkondig. Desnieteenstaande wys die leringe van die apostel Paulus daarop dat, ten einde in die genade van God te bly, die heidene die Sabbat moes hou – nie Sondag nie!

In sy brief aan die Romeine leer die apostel Paulus dat genade die wet bevestig. "aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? NEE, STELLIG NIE! Inteendeel, ons bevestig die wet" (Rom. 3:30-31).

Paulus maak dit absoluut duidelik dat 'n Christen nie kan voortgaan om te sondig nie, deur die gebooie van God te verbreek nie – welke natuurlik die Vierde Gebod insluit. Hy laat geen twyfel daaroor nie: "Wat sal ons dan sê? **Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?** Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; **aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie**. Want hy wat gesterf het [deur die werking van die doop], is geregverdig van die sonde" (Rom. 6:1-7).

As ons die Nuwe Testament Skrifte ten volle verstaan sien ons dat daar geen aanduiding is dat die apostels van Jesus Christus, insluitende Paulus – wat die apostel vir die heidene was – ooit

Sondagonderhouding verkondig het nie. Hulle het nooit, te eniger tyd, geleer dat Sondag die sewende dag Sabbat vervang nie. Regdeur die boek van Handelinge en in al die boeke van die apostels, word die Sabbat gehandhaaf as die dag van aanbidding.

Toe Pulus in Korinthe gekom het, het hy elke Sabbat gepreek vir ‘n jaar en ‘n half. “En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig. En toe Silas en Timótheüs van Macedónië afgekom het, was Paulus ywerig besig om aan die Jode kragtig te betuig dat Jesus die Christus is. Maar toe hulle aanhou om teëstand te bied en godslasterlike dinge te spreek, het hy sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: Julle bloed is op julle hoof. Ek is rein. Van nou af sal ek na die heidene gaan. En hy het daarvandaan weggegaan en in die huis gekom van iemand met die naam van Justus, wat ‘n godvresende man was, wie se huis naasaan die sinagoge gestaan het. En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met sy hele huisgesin in die Here geglo; en ook baie van die Korinthiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop. En die Here het deur ‘n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad. En hy het daar gebly ‘n jaar en ses maande lank en die woord van God onder hulle geleer” (Hand. 18:4-11).

Weereens sien ons dat, toe Paulus hom tot die heidene gewend het, hy nie Sondagonderhouding ingestel het nie. Hy het nooit geleer dat Sondag die dag van aanbidding vir die heidene was nie.

## As Mens Een van die Gebooie Oortree is Mens Skuldig aan die Verbreking van Almal

Die hoof gebod wat vandag deur hoofstroom Christendom verwerp word, is die Vierde Gebod. En tog, hoe vreemd dit ookal mag klink, sal diegene wat hierdie gebod verwerp steeds bely dat hulle die ander gebooie hou en dan daarop aanspraak maak dat hulle die wil van God doen. Maar die apostel Jakobus het geskryf dat die verbreking van een van hierdie gebooie neerkom op die verbreking van almal en dieselfde oordeel tot gevolg het.

In sy brief wys hy dat Jesus se lering aangaande die gees van die wet nie die vereiste van gehoorsaamheid aan die letter van die wet elimineer nie. Jakobus verduidelik dat Jesus se opdrag om jou “naaste lief te hê soos jouself” gehoorsaamheid aan die gebooie van god vereis. Hy verwys in besonder na die sesde en sewende gebooie en maak dit duidelik dat die verbreking van enige gebod van God, sonde is: “As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself—dan doen julle goed. Maar as julle partydig is, doen julle sonde en word deur die wet as oortreders bestraf. Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy ‘n oortreder van die wet geword. Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word” (Jak. 2:8-12).

Dieselfde maatstaf vind ook toepassing op die Sabbatsgebod van God om die sewende dag Sabbat heilig te hou. Kom ons bekyk God se Woord: “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde

gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Exo. 20:8-11).

Nêrens in die hele Bybel vind ons 'n enkele skrifgedeelte wat die dag van rus en aanbidding verander vanaf die sewende dag van die week, Saterdag, na die eerste dag van die week, Sondag, verander nie. Daar is sommige skrifgedeeltes wat wanvertolk word om dit te laat lyk asof Sondag die dag is waarop Christene moet aanbid. En tog, as daardie skrifgedeeltes behoorlik verstaan en vertolk word is dit duidelik dat Jesus nooit die Sabbatdag van die sewende dag na die eerste dag verander het nie.

In teenstelling met die lering van hoofstroom teoloë, het God nie Sabbatsonderhouding vir slegs die Jode beveel nie. God het in die begin die Sabbatdag gemaak en dit geheilig as die weeklikse dag van aanbidding, toe daar nog nie 'n enkele Jood op aarde was nie. Die enigste mense op daardie stadium was Adam en Eva, die voorsate van die ganse mensdom.

Dit was vir die hele mensdom wat God die sewende dag geseën en geheilig het: "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak" (Gen. 2:1-3).

Die sewende dag was geheilig vanaf die skepping van die aarde. God het daardie dag ingestel as 'n tyd van rus en 'n dag van aanbidding, van die begin af. Hy het dit geheilig, geseën en daarop gerus en daardeur vir die mens die voorbeeld gestel. Deur die eeue heen is rekord van hierdie handeling van God bewaar in die boek van Genesis, een van die boeke van die wet. Onthou wat Jesus gesê het aangaande die Wet: "Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie" (Matt. 5:18).

God het tyd geskep. Op aarde word tyd gemeet met verwysing na die aarde se beweging in verhouding tot die hemele. Solank die hemele en die aarde bestaan, sal die sewende dag Sabbat nie verbygaan nie. Gevolglik is die Vierde Gebod steeds van krag en bly dit bindend op die hele mensdom.

In teenstelling met wat hoofstroom Christendom leer of wat mense beoefen, was Sondag nie en sal dit ook nooit die dag van die Here wees nie.Die sewende dag van die week, Saterdag vandag, is die Here se Sabbatdag. Jesus Christus het nadruklik verklaar dat Hy die Here van die Sabbatdag is: "En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat" (Mark. 2:27-28).

## Sommige Geleerdes Verstaan dat die Sabbat Gehou moet word

Baie teoloë het Jesus se verklaring dat Hy die Here van die Sabbat is, gemiskonstrueer as aanduidend dat Hy daardeur die Sabbat afskaf op Sy gesag. Hierdie vertolking van Jesus se woorde is geheel en al ongegrond. Onder die geleerdes wat die ware betekenis van hierdie skrifgedeeltes verstaan, is die skrywers van die "Anchor Bible Dictionary." Let op wat het hulle te sê het oor hierdie kritieke verse: "At times Jesus is interpreted to have abrogated or suspended the Sabbath commandment on the basis of the controversies brought about by Sabbath healings and other acts. Careful analysis of the respective passages does not seem to give credence to this interpretation. The action of plucking the ears of grain on the Sabbath by the disciples is particularly important in this matter. Jesus makes a foundational pronouncement at that time in a chiastically structured statement of antithetic

parallelism: 'The Sabbath was made for man and not man for the Sabbath' (Mark 2:27). The disciples' act of plucking the grain infringed against the rabbinic *halakhah* ['n regulasie deur die Jode self gemaak as deel van hulle tradisies] of minute casuistry in which it was forbidden to reap, thresh, winnow and grind on the Sabbath (Sabb. 7.2). Here again rabbinic Sabbath *halakhah* is rejected, as in other Sabbath conflicts. Jesus reforms the Sabbath and restores its rightful place as designed in creation, where the Sabbath is made for all mankind and not specifically for Israel, as claimed by normative Judaism (cf Jub. 2:19-20, see D.3). The subsequent logion, 'The Son of Man is Lord even of the Sabbath' (Mark 2:28; Matt. 12:8; Luke 6:5), indicates that man-made Sabbath *halakhah* does not rule the Sabbath, but that the Son of Man as Lord determines the true meaning of the Sabbath. The Sabbath activities of Jesus are neither hurtful provocations nor mere protests against rabbinic legal restrictions, but are part of Jesus' essential proclamation of the in-breaking of the Kingdom of God in which man is taught the original meaning of the Sabbath as the recurring weekly proleptic 'day of the Lord' in which God manifests his healing and saving rulership over man" (The Anchor Bible Dictionary, Vol. 5, pp. 854-855).

## Daar Bly 'n Sabbatsrus oor vir die Volk van God

Soos hierdie geleerdes uitwys, ondersteun die evangelies nie die wydverspreide geloof dat Jesus die Sabbatdag afgeskaf het nie. Veeleerder het hy, as Here van die Sabbat, die ware betekenis van die Sabbatdag geleer en 'n voorbeeld gestel vir die behoorlike onderhouding daarvan. Sy apostels het voortgegaan om die Sabbat te hou en om die vroeë gelowiges te leer om dit te hou soos die brief van Paulus aan die Hebreërs duidelik demonstreer. Paulus het hierdie brief tussen 62 en 65 n.C. geskryf, meer as dertig jaar na die Nuwe Testamentiese kerk begin het. In hierdie brief maak Paulus dit absoluut duidelik dat die sewende dag Sabbat nie afgeskaf is nie. In daardie tyd was daar valse leraars wat verkondig het dat Sondag die Sabbat vervang het. Om hierdie valse lering teen te werk het Paulus die gelowiges duidelik gewaarsku dat, om die Sabbat te verwerp en Sondag te aanvaar, sonde is, net soos die kinders teen God gerebelleer het in die woestyn.

Die Nuwe Testament toon dat Sabbatsonderhouding en toegang tot die Koninkryk van God hand-aan-hand gaan. Die vergelyking word getref tussen die Israeliete wat nie die beloofde land binnegegaan het nie, ('n tipe van fisiese Koninkryk van God), – weens hulle Sabbatsverbreking – en belydende Christene wat nie die Koninkryk van God sal binnegaan nie weens hulle ongeloof en Sabbatsverbreking. "Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En **God het op die sewende dag van al sy werke gerus**; en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God" (Heb. 4:4-9).

Paulus sê nie, "Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die Jode nie." Die volk van God is alle ware gelowiges, Jood en nie-Jood. (I Pet. 2:10; Eff. 2:11-13).

Baie leraars en teoloë het die teenoorgestelde betekenis aan Hebreërs 4:4-9 toegedig. Hulle het die King James weergawe van hierdie vers heeltemal verkeerd vertolk. In die King James lees hierdie vers, "There remaineth therefore a rest to the people of God." Hulle leer dan dat dit nie langer vir Christene nodig is om die Sabbat te hou nie want Jesus Christus het aan Christene "rus" gegee deur hulle te bevry van gebodsonderhouding, en verder, dat Hy daardeur die "wet vervul" het vir hulle.

Gevolglik word hulle vertel dat hy of sy in ‘n geestelike “rus” van sonde ingegaan het en nie nodig het om die gebooie van God te onderhou nie. So ‘n redenasie is heeltemal vals. Soos reeds hierbo aangetoon, het Jesus self gesê dat Hy nie gekom het om af te skaf of “weg te doen” met die wette en gebooie van God nie maar om te vervul, dit is, hulle “vol te maak.” Hy het ‘n voorbeeld vir ons gestel – ten einde ons vry te maak van die pleging van sonde (I Pet. 2:21-22; I Joh. 3:4).

As ons die betekenis van die Griekse teks verstaan, is daar geen vraag daaroor dat die Nuwe Testament die gesag van die Vierde Gebod vir Christene handhaaf nie. Die Griekse woord wat in Heb. 4:9 gebruik word is *sabbatismos*, wat “Sabbatsrus, Sabbatsonderhouding” beteken. (Arndt en Gingrich, A Greek-English Lexicon of the New Testament). Dit is dan ook korrek vertaal in die Afrikaanse Ou Vertaling as “sabbatsrus.”

Hierdie definisie van *sabbatismos* word bevestig deur ander historiese werke: “The words ‘sabbath rest’ is translated from the GK noun sabbatismos, [and is] a unique word in the NT. This term appears also in Plutarch (Superset. 3 [Moralia 166a]) for Sabbath observance, and in four post-canonical Christian writings which are not dependent on Heb. 4:9” (Die Anchor Bible Dictionary, Vol. 5, p. 856).

*Sabbatismos* is ‘n naamwoord. Die werkwoordvorm is *sabbatizo*, wat beteken “om die Sabbat te hou” (Arndt en Gingrich). Hierdie betekenis van die werkwoord *sabbatizo* word bevestig deur die gebruik daarvan in die Septuagint, ‘n Griekse vertaling van die Ou Testament wat dateer uit die derde eeu v.C. Dit word “Septuagint”, (wat “sewentig” beteken), genoem omdat die eerste vyf boeke deur sewentig geleerdes vertaal is. Hierdie vertalers was Grieksssprekende Jode van Alexandrië, Egipte. Jode het die Septuagint in sinagoges regoor die romeinse Ryk gebruik; die vertaling was ook gebruik deur Griekssprekende Joodse en nie-Joodse bekeerlinge van die vroeë Nuwe Testamentiese kerk. Paulus haal op groot skaal aan uit die Septuagint in sy brief aan die Hebreërs. Waar Paulus die woord *sabbatismos* in hoofstuk 4:9 gebruik, het hy geweet dat die woord goed bekend was onder die Griekssprekende gelowiges van die dag. Die werkwoordvorm, *sabbatizo*, word in die Septuagint gebruik en was so bekend aan Griekssprekende Jode en nie-Jode van Nuwe Testamentiese tye as wat die King James bekend is onder Engelssprekende gelowiges vandag.

Die gebruik van die woord *sabbatizo* in Levitikus 23:32 in die Septuagint, laat geen ruimte vir ‘n misverstand wat betref die betekenis daarvan nie. Die Grieks-Engelse Leksikon van die Septuagint definieer *sabbatizo* as “to keep Sabbath, to rest” (Lust, Eynikel, Hauspie). Die engelse vertaling van hierdie vers van die Septuagint lees: ““It [die Verootmoedigingsdag] shall be a holy Sabbath [letterlik, ‘’n Sabbat van Sabatte’] to you; and ye shall humble your souls, from the ninth day of the month: from evening to evening shall ye keep your Sabbaths” (The Septuagint With the Apocrypha,Brenton).

Die frase, “shall ye keep your Sabbaths” word vertaal van die Griekse frase *sabbatieite ta* sabbata, wat letterlik, “Julle moet die Sabbatte sabbatiseer,” beteken. Die vorm van die werkwoord *sabbatizo* is in die tweede persoon meervoud, *sabbatieite*, wat, “julle moet hou,” beteken. Aangesien “sabbatiseer” beteken “om die Sabbat te hou” is hierdie term ‘n spesiale werkwoord wat ook “Sabbatsonderhouding” definieer in verhouding tot God se sewende-jaar landsabbat. In die hele Septuagint word die woord *sabbatizo* nie gebruik vir die “onderhouding” van enigiets anders nie. Trouens, dit word net gebruik met verwysing na “Sabbatsonderhouding.” In navolging hiervan vertaal die King James *sabbatieite* as, “shall ye celebrate your sabbath.”

Daar bestaan geen twyfel daaroor nie dat die Griekse woord *sabbatizo* in Levitikus 23:32 spesifiek verwys na Sabbatsonderhouding nie. Hierdie betekenis vind in gelyke mate toepassing op die naamwoordvorm, *sabbatismos*, wat ons in Paulus se brief aan die Hebreërs vind. Die feit dat Paulus die Septuagint vertaling gebruik het in hierdie brief, bevestig dat die betekenis van *sabbatismos*, soos gebruik in Heb. 4:9, in algehele harmonie is met die betekenis van *sabbatieite ta sabbata*, soos aangetref in Levitikus 23:32. Dit is duidelik dat Paulus die onderhouding van die Sabbat, die sewende dag van die week, handhaaf.

Die gebruik van *sabbatismos* in Hebreërs 4:9 is in teenstelling met die lering dat die Vierde Gebod afgeskaf is. Soos wat die konteks van hierdie vers aandui, is die onderhouding van die sewende dag as 'n dag van rus en aanbidding net so bindend vir Christene vandag as wat dit vir Israel van ouds was. Bykomstig tot die weeklikse Sabbat, is die jaarlikse heilige dae, wat ook sabatte genoem word, ingesluit by die Vierde Gebod. Op dieselfde manier as waarop ware gelowiges beveel word om die sewende dag Sabbat te onderhou, word hulle beveel om die jaarlikse heilige dae te onderhou. Die vroeë Nuwe Testamentiese kerk het God se heilige dae gevier in ooreenstemming met die berekende Hebreeuse Kalender. Die apostel Paulus het God se heilige dae gehou en die nie-Joodse bekeerlinge beveel om dit te hou (I Kor. 5:7-8). Nie een van die apostels of die vroeë bekeerlinge tot Christendom het die heidense vakansiedae wat nou Kersfees en Paasfees genoem word, gehou nie. Hierdie vakansiedae, wat hulle oorsprong in sonaanbidding het, is later in die Christendom geassimileer deur die invloed van die roomse kerk. Hulle het valse plaasvervangers vir die jaarlikse heilige dae van God geword net soos wat Sondag 'n valse plaasvervanger vir die weeklikse Sabbat geword het.

Paulus neem sy instruksies selfs verder deur aan te dui dat Christene die Sabbat moet hou of hulle verlossing verloor. "want wie in sy rus ingegaan het[deur die Sabbat te hou], rus ook self van sy werke soos God van syne[toe Hy die Sabbatdag gemaak het]

"Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus [Sabbatsonderhouding en ook om daarna te strewe om God se Koninkryk binne te gaan], sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie. Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart" (Heb 4:10-12).

Wat kan duideliker wees? God se Heilige woord openbaar dat, as ons ware Christene wil wees moet ons God die Vader en Jesus christus lief hê. Ons moet deur elke woord van God lewe en Sy gebooie onderhou. Dit is hoe ons Jesus Christus en die leringe van die Bybel moet volg. Daar bestaan geen vraag daaroor nie dat ons die sewende dag Sabbat as 'n dag van aanbidding en gemeenskap moet onderhou nie.

## Ter Opsomming

Ons het uit die woord van God die volgende waarhede aangaande die sewende dag Sabbat van God gesien:

1. God het die sewende dag sabbat van die begin van die skepping afas 'n rusdag vir die hele mensdom gemaak.

2. Abraham het die Sabbat gehou.

3. Die Sabbatsgebod is nog voor die wetgewing by Berg Sinaï aan die Israeliete gegee.

4. Die Sabbatsgebod is die vierde gebod van die Tien Gebooie en ons word beveel om dit te onthou en dit heilig te hou.

5. God is die eienaar van die Sabbat – dit is Syne.

6. Jesus Christus was die Skepper van die Sabbat.

7. Jesus Christus is Here van die Sabbatdag wat beteken dat die Here se dag die Sabbatdag is en nie Sondag nie.

8. Jesus Christus het die Sabbat onderhou en daarop geleer en genees.

9. Die apostels het nooit die dag van aanbidding verander na die eerste dag van die week nie.

10. Die apostel Paulus het die heidene geleer om die Sabbat te hou.

11. Paulus het geleer dat genade en sabbatsonderhouding hand-aan-hand gaan.

12. Die Bybel leer nêrens dat die Sabbat na Sondag verander is nie.

13. Hebreërs 4:9 is ‘n direkte opdrag aan Christene om die Sabbat te hou.

14. Sabbatsonderhouding is noodsaaklik vir verlossing en is ‘n teken dat ons God lief het en Sy gebooie bewaar.

Noudat jy die Bybelse waarheid aangaande die sewende dag Sabbat weet, wat sal jy doen? Sal jy jou bekeer van die sonde van Sabbatsverbreking en waarlik in God se weg volg – of nie? Sal jy jou liefde vir God die Vader en Jesus Christus wys deur die Sabbat te onderhou?

Die keuse is joune!

## Deel 3

## Die Verwerping van God se Gebooie is Wetteloosheid

Enigiemand wat ongehoorsaamheid aan God se wette en gebooie leer volg in die voetstappe van Satan, die eerste wetsverbreker. Dit is hoekom Jesus vir die Fariseërs gesê het dat hulle die duiwel as vader het (Joh. 8:44). Terwyl hulle voorgegee het om die wette en gebooie van God te leer en te beoefen was hulle in werklikheid besig om hulle eie godsdienstige wette en tradisies in die plek van God se gebooie te leer en te beoefen. Jesus het die godsdienstige leiers van Judaïsme gedurende Sy bediening veroordeel vir hulle tradisies welke hulle hoër aangeslaan het of geag het as die wette en gebooie van God. Hy het dit duidelik gemaak dat, deur dit te doen, hulle die gebooie van God verwerp het. “Daarop stel die Fariseërs en die skrifgeleerdes Hom die vraag: Waarom wandel u dissipels nie ooreenkomstig die oorlewering van die ou mense nie, maar eet brood met ongewaste hande? En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.

En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou. Want Moses het gesê: Eer jou vader en jou moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe. Maar julle sê: As 'n mens aan vader of moeder sê: Enige voordeel wat u van my mag geniet, is korban, dit is 'n offergawe— dan laat julle hom nie meer toe om iets vir sy vader of sy moeder te doen nie. So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie" (Mark. 7:5-13)

Die meeste belydende Christene maak dieselfde fout as wat die Fariseërs gemaak het. Baie kerklike denominasies verkondig dat goddelike openbaring in beide kerklike tradisie en die Skrif te vinde is.In die meeste kerke word tradisies deur godsdienstige leiers verhef tot 'n hoër status as die Woord van God. Dit is voor-die-hand-liggend dat hulle dit met die vierde gebod gedoen het. Hulle het hulle onskriftuurlike tradisie van Sondagonderhouding verhef bo die Sabbatsgebod van God. Deur die gebod van God om die Sabbatdag heilig te hou te verwerp het hulle wetsverbrekers in die oë van God geword. Volgens Jesus se lering is hulle werkers van ongeregtigheid of wetteloosheid. Netso verwerp kerke wat enige vorm van afgode gebruik – byvoorbeeld beelde, prente, ikone en ander simboliese voorwerpe – die Tweede Gebod terwille van hulle eie tradisies. Omdat hulle die gebooie van God verbreek is hulle skuldig aan die beoefening van wetteloosheid.

Die apostel Johannes omskryf wetteloosheid baie duidelik in sy eerste brief: "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid" (1Joh. 3:4). Die woord "doen" kan ook vertaal word as "beoefen." Om sonde te beoefen is om in 'n staat van sonde te leef, sonde as 'n lewensgewoonte te pleeg. Met ander woorde, wetteloosheid is die gewoonte om God se wette en gebooie te verbreek, welke sonde is. Godsdienstige leiers wat wetteloosheid leer en beoefen kom regverdig voor want hulle gebruik die name van God en Jesus Christus en haal gereeld uit die Skrif aan. Hulle is nietemin nie ware dienaars van god nie want hulle verwerp Sy wette en gebooie.

Die apostel Judas, die broer van Jesus, getuig van die opkoms van wetteloosheid onder die kerke van sy dag. Hy het met die gelowiges gepleit om goddelose leraars van wetteloosheid te verwerp wat besig was om die genade van God te verander in 'n lisensie vir sonde. Hulle het 'n valse evangelie van geloof sonder gehoorsaamheid verkondig en die gebooie van God vervang met tradisies wat hulle oorsprong in die antieke heidendom gehad het. "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën" (Jud. 1:3-4).

Die apostel Petrus het ook teen vals leraars wat die weg van gehoorsaamheid aan God se gebooie sou verwerp, gewaarsku: "Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën[deur Sy leringe te verwerp] en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede[kerklike tradisies wat verhef word] navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word" (II Pet. 2:1-2).

## Diegene Wat Wetteloosheid Beoefen en Leer

## Oordeel die Wet en die Wetgewer

Diegene wat godsdienstige wetteloosheid verkondig laster nie allen die waarheid van God nie maar hulle oordeel ook die wette van God in ongeregtigheid. In hulle wetteloosheid maak hulle daarop aanspraak dat alle wette en gebooie van God afgeskaf is of nie langer geld nie. " In fact, the whole law of Moses has been rendered inoperative. The New Testament message is clear for all who have 'ears to hear.' The whole of the law of Moses has been rendered inoperative by the death of the Lord Jesus. The law, in its entirety, no longer has any immediate and forensic authority or jurisdiction whatsoever over anyone…. Christ is the complete end and fulfillment of all of the laws' 613 commandments, ending their jurisdiction over us completely" (Tardo, *Sunday Facts & Sabbath Fiction*, p 26-27).

Deur die wet op hierdie manier te oordeel, verwerp leraars van wetteloosheid God as Wetgewer en is hulle nie daders van die wet nie. Die Apostel Jakobus veroordeel hierdie goddelose gesindheid: "Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter. Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf. Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel?" (Jak. 4:11-12).

Nie net oordeel hulle die wet as onwaardig nie maar oordeel hulle inderwaarheid God, die Wetgewer, as onwaardig. Om God te oordeel en Sy wette en gebooie te verwerp en Hom as Wetgewer te verwerp, is die toppunt van wetteloosheid. Die gees en die houding om God en Sy wette te oordeel is die gees en houding van Satan. Verder is dit die fondasie vir die totstandkoming van verskeie godsdienste wat gebaseer is op die tradisies en gebooie van mense terwyl hulle die naam van Jesus Christus bely.

Die patriarg, Job, het God ten volle in die letter van die wet gehoorsaam. Nietemin het hy op homself vertrou en op sy vermoë om regverdig te wees, eerder as om op God te vertrou. Hy het met sy eie geregtigheid gespog en geroem. Sy gespoggery was so erg dat god 'n vreeslike beproewing oor hom gebring het. Nadat hy van kop tot tone sere aan sy lyf gekry het was die beproewing bykans te veel vir hom. Drie van sy vier vriende kon hom nie troos nie. Net een, Elihu, het god se kant gevat. Let op wat hy vir Job gesê het: "Verder het Elíhu aangehef en gesê: Hoor my woorde, o wyse manne! En luister na my, u wat kennis het! Want die oor toets woorde soos die verhemelte die spys proe. Laat ons vir onsself uitmaak wat reg is, en onder mekaar uitvind wat goed is. Want Job het gesê: Ek is regverdig, en God het my my reg ontneem" (Job. 34:1-5).

Toe openbaar Elihu Job se sonde aan hom: "Job spreek sonder kennis, en sy woorde is sonder verstand. Ag, mag Job getoets word tot die einde toe weens die antwoorde in die trant van kwaaddoeners. Want hy voeg 'n oortreding by sy sonde; onder ons spreek hy smadelik en vermenigvuldig sy woorde teen God" (Job 34:35-37). Toe vra Elihu die vraag: "Hou u dit vir reg, noem u dit: my geregtigheid voor God" (Job 35:2).

Na verskeie lang lesings deur sy vriende – en Job se smaadredes oor sy eie selfgeregtigheid – wou hy ten einde laaste hê dat God self moes spreek. God het ingewillig en aan job sy ware houding as een wat God oordeel, aan Job geopenbaar: "En die HERE het Job uit 'n storm geantwoord en gesê: Gord

tog jou heupe soos ‘n man; Ek sal jou ondervra en onderrig jy My. Wil jy werklik my reg verbreek, My veroordeel, dat jy gelyk kan hê?” (Job 40:6-8).

Hierdie is dieselfde selfgeregtige gesindheid wat vandag se werkers van wetteloosheid het jeens die wette en gebooie van God. Hulle ontken God se eie oordeel – dat Sy wette en gebooie heilig, regverdig en geestelik  is. In stede daarvan oordeel hulle dit as boos en hard en verklaar dat dit ‘n vloek is. Deur dit te doen veroordeel hulle God ten einde hulle eie geregtigheid te bevestig. Met ‘n houding en gesindheid soos die van Job verklaar hulle stilswyend dat Sondagonderhouding meer regverdig is as Sabbatsonderhouding.

Erger nog is dat hulle vir hulle sekere skrifgedeeltes uit die Woord kies en ook sekere van die gebooie van God behou in hulle selfgeregtige godsdienste met die geloof dat dit hulleweg tot verlossing sal lei. Selfgeregtige tradisies, regulasies en ‘n valse genade sal hulle egter nooit tot verlossing bring nie. Dit is dieselfde fout wat Job gemaak het. Aangesien net God Verlosser is het Hy kragtig aan Job verklaar dat sy eie geregtigheid hom nie kan red nie: “Het jy dan ‘n arm soos God? En kan jy donder met die stem soos Hy? Versier jou tog met heerlikheid en hoogheid, en beklee jou met majesteit en glorie! Giet jou toorn in strome uit; en kyk na alles wat hoog is, en verneder dit. Kyk na alles wat hoog is, onderwerp dit; en werp die goddelose neer daar waar hulle staan.Begrawe hulle almal saam in die stof; sluit hulle aangesigte in ‘n verborge plek weg. Dan sal ook Ek jou loof, omdat jou regterhand jou die oorwinning gee” (Job 40:9-14).

Uiteindelik, nadat God Job verneder het, het Job sy selfgeregtigheid versaak en homself verag en hom tot God bekeer in stof en as. (Job 42:6). Dit is wat die Christen-belydende godsdienste van die wêreld moet doen – om hulle eie selfgeregtige weë wat hulle vir hulleself gevestig het te verlaat en hulle te onderwerp aan die geregtigheid van God die Vader en Jesus Christus. Die “werkers van wetteloosheid” moet ophou om God te oordeel ten einde regverdig in hulle eie oë te wees.

‘n Naby beskouing van die geskiedenis van die Christendom sal aantoon dat dit presies is wat gebeur het. Mense het hulle eie selfgeregtige godsdienste geskep en het die ware geregtigheid van God verwerp. Ware Christendom, soos oorspronklik geleer deur Jesus Christus en die apostels, as van binne ondermyn deur vals leraars van wetteloosheid.Die leringe van hierdei goddelose manne waaroor Judas en Petrus geskrywe het is oorgelewer in die geskrifte van die sogenaamde “vroeë kerkvaders” welke deur die Roomse kerk as gesaghebbend oorlewering of tradisie aanvaar is. Die Roomse kerk het deur die eeue tot ‘n magtige instelling gegroei en haar invloed gebruik om die laaste oorblyfsels van die ware leringe van Jesus Christus te vernietig. Na ‘n magstryd tussen die biskop van Rome en Konstantinopel het die Roomse kerk in twee geskeur en die Rooms Katolieke en die Oosterse Ortodokse kerk tot gevolg gehad. Soos die Ortodokse kerk die ooste gedomineer het, het die Rooms Katolieke kerk die denke van die hele westerse wêreld gevorm.

Die gesag van die Katolieke doktrine en tradisie was nooit, voor die tyd van Martin Luther, ernstig uitgedaag nie. Toe Martin Luther die korrupsie en wetteloosheid van die Rooms Katolieke kerk verwerp het, het dit gelyk asof hy na die waarheid van God soek. Hy het naarstigtiglik die Bybel in Duits vertaal sodat gewone mense dit kon lees en daaruit kon leer. Maar, helaas, het die godsdiens wat ontwikkel het uit Martin Luther se leringe, die Lutheranisme, nie die ware leringe van Jesus Christus herstel nie. Die hervorming wat deur Luther begin is was nie volledig nie want hy het steeds die tweede en die vierde gebooie vewerp. Die resultaat was nog ‘n vorm van godsdienstige wetteloosheid. Luther het verkondig dat ‘n persoon wat gered is deur die genade van God nie daardie redding kan verloor nie, ongeag die graad en intensiteit van die sondes wat gepleeg word. Hierdie perverse lering

van Luther vind duidelik uitdrukking in 'n brief wat hy geskryf het: "Be a sinner, and let your sins be strong, but let your faith in Christ be stronger, and rejoice in Christ who is the victor over sin, death, and the world. We will commit sins while we are here, for this life is not a place where righteousness can exist. No sin can separate us from Him, even if we were to kill or commit adultery a thousand times each day" (Martin Luther, *Saemmtliche Schriften*, Letter 99, 1 August 1521; vertaal deur Erika Flores, Wittenberg Projek, Wartburg Segment, soos gepubliseer in Grace and Knowledge, 8ste Uitgawe, September 2000; Artikel: "Ecclesiasticus: The Wisdom of Ben-Sirach," p. 27).

Hierdie woorde van Luther demonstreer tot watter diepte van wetteloosheid baie godsdienstige leiers gedaal het. Luther se lering is die toppunt van verdraaide "genade" wat God se gebooie verwerp en lisensie gee om sonder perke te sondig. Luther se leringe aangaande moord en owerspel is in direkte teenstelling met die leringe van Jesus Christus wat die gebooie verheerlik het, uitgebrei het om hulle geestelike toepassing aan te toon.

Leringe van wetteloosheid het suksesvol daarin geslaag om die oorgrote meerderheid belydende Christene te mislei om 'n vals genade te aanvaar. Soos die Nuwe Testament aantoon, lei hierdie verwronge idee van genade nie tot verlossing nie. Op die oordeelsdag sal die Leraars van wetteloosheid – alhoewel aangeslaan en geëer as godsdienstige leiers wat moontlik baie opmerklike werke in die naam van Jesus gedoen het – nietemin verwerp word: "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!" (Matt. 7:22-23).

Die werkers van wetteloosheid se einde is in die "poel van vuur" waar hulle die oordeel van die ewige dood, waaruit daar geen opstanding is nie, ontvang: Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood" (Openb.21:8).

Die leringe van Jesus Christus soos aangeteken in die Bergpredikasie, dra die volle gesag van God die Vader. Toe Jesus die geestelike toepassing van die wette en gebooie van God aan die mense geleer het was die wat Hom gehoor het stomgeslaan: "En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor sy leer; want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie" (Matt. 7:28-29).

Ja, Jesus het die geestelike bedoeling en toepassing van die wette en gebooie van God vir die Nuwe Verbond geleer. Sy leringe verteenwoordig die geestelike standaard waarvolgens die ware gelowige die wette en gebooie van God moet gehoorsaam.

## Deel 4

## Die Skriftuurlike Waarheid Aangaande Sondagonderhouding

Dit word beweer dat Sondag, die eerste dag van die week, die Christelike dag van aanbidding is. Dit word algemeen geleer en geglo dat Jesus Christus en die oorspronklike 12 apostels – asook in besonder die apostel Paulus – geleer het dat dit nie langer van Christene verwag word om die Vierde Gebod te onderhou nie, dit is, die sewende dag Sabbat te heilig nie. Dit word beweer dat

gebodsonderhouding, en in besonder die sabbatsgebod, “aan die kruis vasgespyker” is. Daar word gesê dat Sondag nou die “Christelike dag van Aanbidding” is.

Is hierdie aanspraak waar? Kan sodanige lering bewys word uit die geïnspireerde Woord van God, die Heilige Skrif? Die antwoord op hierdie vrae is *nee*. Die waarheid is dat hierdie aannames nie ondersteun word of bewys kan word uit die Skrif nie! Is jy gewillig om die woord van God te glo of is jy eerder bereid om die leringe van mense as belangriker as die bybelse leringe van God te beskou?

As jy glo dat Sondagaanbidding Christelik is en dat God se geïnspireerde Woord Sonagonderhouding leer, ondersoek dan die Skrif en jy sal vind dat daar nie...

1. Een vers is wat sê dat die sabbat ooit verander is van die sewende dag van die week na die eerste dag van die week nie.

2. Een vers is waar die eerste dag van die week ‘n heilige dag genoem word nie.

3. Een vers is waar ons beveel word om die eerste dag van die week te onderhou nie.

4. Een vers is wat aandui dat Jesus ooit die eerste dag van die week onderhou het nie.

5. Een vers is waar die eerste dag ‘n heilige of gewyde naam gegee word nie.

6. Een vers is wat sê  dat ons die eerste dag moet onderhou ter ere van die opstanding van Jesus nie.

7. Een vers wat bevestig dat enigeen van die apostels ooit die eerste dag as die Sabbat gehou het nie.

8. Een vers van die apostoliese geskrifte is wat Sondagonderhouding as die sabbat van God magtig nie.

9. Een vers is waar dit gesê word dat dit die gebruik was van die kerk om Sondag te onderhou of daarop saam te kom nie.

10. Een vers is waar ons beveel word om nie op Sondag te werk nie.

11. Een vers is waar enige seëning belowe word vir die onderhouding van Sondag nie.

12. Een vers is waar daar met straf gedreig word vir werk op ‘n Sondag nie.

13. Een vers is wat sê die sewende dag is nie nou God se Sabbatdag nie.

14. Een vers is waar die apostels ooit die bekeerlinge tot die Christendom geleer het om die eerste dag van die week as ‘n sabbat te onderhou nie.

15. Een vers is wat sê dat die sewende dag Sabbat afgeskaf is nie.

16. Een teks vers is waar die eerste dag van die week ooit die “Dag van die Here” of “die Here se Dag” genoem word nie.

17. Een vers is waar die eerste dag aangewys is as die Here se Dag nie.

18. Een vers is waaruit dit blyk dat God die Vader of die Seun op die eerste dag van die week gerus het nie.

19. Een vers is waar die eerste dag van die week ooit geheilig is as ‘n dag van rus nie.

Een vers is wat wys dat Jesus, Paulus of enige ander apostel ooit enigiemand geleer het om die eerste dag van die week as Sabbat te onderhou nie.

21. Een vers is wat die sewende dag die “Joodse Sabbat” noem nie of wat die eerste dag van die week die “Christen Sabbat” noem nie.

22. Een vers is wat enigiemand die magtiging gee om God se Heilige Sabbat af te skaf, op te hef of tersyde te stel nie en ‘n ander dag te onderhou nie.

(Aangepas uit “The Bible Sabbath Association”, Fairview, Oklahoma.)

## Deel 5

## Die Skriftuurlike Waarheid Aangaande Sabbatsonderhouding

Sondag, die eerste dag van die week, word vandag feitlik universeel deur “belydende Christene” onderhou. En tog leer die Bybel dat die enigste dag wat heilig is vir God, die sewende dag van die week is, die Sabbatdag genoem, in die Woord van God. Histories toon die Rromeinse kalender wat in die meeste lande gebruik word dat die sewnde dag van die week Saterdag is. Ons vind dat daar egter ‘n neiging in Europa is om Sonad as die sewende dag van die week aan te toon. Ten spyte hiervan is die ware bybelse Sabbat van God, welke heilig is vir Hom, steeds Saterdag. Die Bybel beveel duidelik: “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God” (Exo. 20:8-10).

Een van die mees diepgaande leringe geopenbaar in die Nuwe Testament is dat Jesus, voordat hy in die vlees gekom het, die Here God van die Ou Testament was. As sulks was Hy DIE SKEPPER VAN DIE SABBATDAG. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Joh. 1:1-3). DIT BETEKEN DAT JESUS DIE SABBATDAG GESKEP HET. As ons die skrifgedeeltes in die Ou Testament wat handel oor die Sabbat lees, moet ons besef dat die Een wat daardie woorde gespreek het, in werklikheid die Een is wat Jesus Christus geword het. Dit is hoekom Jesus met volle gesag kon spreek toe hy gesê het dat Hy “Here van die Sabbat” is, want hy het die Sabbat geskep vir die mens – vir ons welstand. (Mark. 2:27-28).

Hier volg ‘n aantal diepgaande redes uit die bybel wat wys waarom ons, vandag, die sewende dag Sabbat as weeklikse dag van aanbidding behoort te hou:

1. God het die Sabbatdag in die begin geskep (Gen. 2:3).

2. God het van Sy werk gerus op die sewende dag (Gen.2:2).

3. Die Sabbat is vir die mens gemaak, dit is, vir die hele mensdom (Mark.2:27).

4. God het die sewende dag geseën want Hy het daarop gerus van Sy skeppingswerk (Gen. 2:2; Ex. 20:11).

5. God het die sewende dag geseën en dit die Sabbat genoem (Ex. 20:10-11).

6. God het nie alleenlik die sewende dag geseën nie, Hy het dit ook geheilig – dit is, dit heilig gemaak deur Sy teenwoordigheid en Sy verklaring daarvan as heilig. (Gen. 2:3).

7. Daar is geen rekord in die hele Skrif dat God ooit Sy seën verwyder het van die sewende dag en dit op ‘n ander dag van die week geplaas het nie.

8. God se volk het die Sabbat nog voordat die Tien Gebooie gegee is by die Berg Sinaï, gehou (Ex. 16:22-26).

9. God het verordineer dat die mens die Sabbat moet hou (Ex. 20; Heb. 4:3-9).

10. God het werk op die Sabbat, selfs in oestyd, verbied (Ex. 34:21).

11. God het die heidene, van alle nasies, seëning belowe as hulle Sy Sabbat onderhou (Jes. 56:2).

12. God belowe om enigiemand wat die Sabbat hou, te seën (Jes. 56:2).

13. Ons vind nêrens in die Bybel ‘n opdrag om enige ander dag van die week as heilig of as ‘n plaasvervanger vir die sewende dag Sabbat, te onderhou nie.

14. God noem die Sabbat Sy heilige dag (Ex. 20:10; Lev. 23:2-3; Jes. 58:13; MarkDie onderhouding van die Sabbatte, weekliks en jaarliks, is ‘n teken tussen God en Sy mense (Ex. 31:12-17).

16. Onderhouding van die Sabbat toon ons liefde vir en gehoorsaamheid aan God (Ex. 20:8-11; Deut. 5:12-15; Matt. 22:37-40).

17. Jesus het die Sabbat as gebruik gehou wat ‘n uitdrukking was van Sy liefde vir en gehoorsaamheid aan God die Vader (Luk. 4:16).

18. Jesus Christus is die Here van die Sabbat; dus is die Sabbat die ware dag van die Here (Mark. 2:28; Jes. 58:13; Matt. 12:8).

19. Jesus Christus het die Sabbatsgebod as bindend beskou (Matt. 12:12; 5:17-18; Mark 3:4).

20. Jesus Christus het Sy Vader se gebooie gehou welke die sewende dag Sabbat ingesluit het (Joh. 15:10; 8:29; 5:46-47).

21. Die Sabbat was onderhou in die tyd van Jesus se kruisiging (Luk. 23:56).

22. Die onderhouding van die Sabbt was die gebruik jare na die kruisiging (Hand.17:2).

23. Paulus het erkenning aan die Sabbat verleen en die Sabbat onderhou tydens sy bediening (Hand. 13:27).

24. Paulus het die nie-Jode, op hulle eie versoek, op die Sabbatdag geleer (Hand. 13:42).

25. Paulus het vir ‘n hele stad op die Sabbatdag gepreek (Hand. 13:44).

26. Paulus het ‘n gebeds-samekoms op die Sabbatdag bygewoon waar geen sinagoge beskikbaar was nie (Hand. 16:13).

27. Dit was Paulus se gewoonte om Jesus Christus op die Sabbatdag te verkondig (Hand. 17:2-3).

28. In Korinthe het Paulus vir 18 maande lank elke Sabbat gepreek (Hand. 18:1-4, 11).

29. Jakobus het, baie jare na die opstanding van Jesus, erkenning verleen aan die Sabbat (Hand. 15:21).

30. Die sewende dag Sabbat sal tydens die duisendjarige Vrederyk onderhou word (Jes.66:23).

31. Paulus het dit duidelik gemaak dat die sewende dag Sabbt as ‘n heilige dag onderhou moet word (Heb. 4:4).

32. Die Sabbatdag is nooit deur Jesus of die apostels verander na die eerste dag van die week nie; en dit is ook nie verander met verwysing na die opstanding van Christus nie. **Christus het aan die einde van die Sabbat opgestaan en nie op Sondag nie.**

33. As deel van wat van ons as Christene verwag word, moet ons al die bevele soos vervat in die Tien Gebooie, nakom ten einde die ewige lewe te verkry (Matt. 19:17; Openb. 22:14).

34. Die sewende dag Sabbat bly as ‘n dag van rus vir die volk van God (Heb. 4:9).

35. Jesus waarsku dat ons moet bid dat, in die eindtyd, wanneer die Groot Verdrukking begin, dit nie nodig sal wees dat ons op die Sabbatdag moet vlug nie (Matt. 24:20).

36. Die teken van die mense van God in die eindtyd sal wees dat hulle die gebooie van God hou (Openb.12:17; 14:12).

# Deel 6

## Katolieke en Protestantse Erkennings Aangaande Sabbat/Sondag

## Katolieke Erkennings

Die rooms Katolieke kerk verstaan dat die Bybel spesifiek die sewende dag Sabbat heilig. Verder erken dit en spog dit daarmee dat die instelling van Sondagaanbidding suiwer gebaseer is op die kerklike gesag van die Rooms Katolieke kerk en nie op die gesag van die Skrif nie. Hier volg ‘n aantal verklarings wat deur Katolieke geleerdes gemaak is wat betref die sewende dag Sabbat en die eerste dag van die week, Sondag:

“You may read the Bible from Genesis to Revelation, and you will not find a single line authorizing the sanctification of Sunday. The Scriptures enforce the religious observance of Saturday, a day which we never sanctify” (Kardinaal Gibbon, *Faith of Our Fathers*, 1892, p. 111).

“Sunday is a Catholic institution, and its claims to observance can be defended only on Catholic principles…. From the beginning to the end of Scripture, there is not a single passage that warrants the transfer of weekly public worship from the last day of the week to the first” (Catholic Press, Sydney, Australia; August 25, 1900).

“The festival of Sunday, like all other festivals, was always only a human ordinance, and it was from the intentions of the apostles to establish a divine command in this respect, from them, and from the early apostolic church, to transfer the laws of the Sabbath to Sunday. Perhaps at the end of the second

century a false application of this kind had begun to take place, for men appear by that time to have considered laboring on Sunday as a sin" (*Church History*, Neander; Rose se Vertaling, p. 186).

Die Rooms Katolieke kerk roem daarop dat, slegs op die hulle eie gesag, die dag van aanbidding verander is vanaf die sewende dag Sabbat na die eerste dag van die week, Sondag

"Question: Which is the Sabbath day? Answer: Saturday is the Sabbath day.

Question: Why do we worship [on] Sunday instead of Saturday?

Answer: We observe Sunday instead of Saturday because the Catholic Church, in the Council of Laodicea (AD 336), transferred the solemnity from Saturday to Sunday.

Question: Have you a way of proving that the [Roman Catholic] Church has the power to institute

festivals of precept?

Answer: Had she no such power, she should not have done that in which all modern religions agree with her—she could not have substituted the observance of Sunday, the first day of the week, for the observance of Saturday, the seventh day, a change for which there is no Scriptural authority" (*Doctrinal Catechism*, p. 147 en *The Convert's Catechism of Catholic Doctrine*, p 50, 1927 uitgawe).

In die Bybel sê God vir ons dat slegs Hy die hoogste gesag in die heelal en op aarde is. Die apostel paulus het geskryf, "sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader" (Fill. 2:10-11). Die Katolieke Kerk maak egter daarop aanspraak dat sy verhewe is bo die Bybel: "Sunday is the mark of authority. The church is above the Bible, and this transference of Sabbath observance [to Sunday] is proof of that fact" (Catholic Record, London, Sept. 1, 1923). Hierdie aanspraak op gesag word weereens gemaak: "Of course the Catholic Church claims that the change [to Sunday] was her act….And that act is a mark of her ecclesiastical authority in religious things" (H. F. Thomas, Kanselier van Kardinaal Gibbons).

Aangesien god nooit daardie gesag aan enige mens of kerk gegee het nie, het die Katolieke Kerk daardie gesag vir haarself geneem. Nie net maak sy daarop aanspraak dat sy inderdaad daardie gesag het nie maar roem ook daarop dat sy die hele wêreld laat buig het voor haar gesag. " My brethren, look about you upon the various wrangling sects and denominations. Show me one that claims or possesses the power to make laws binding on the conscience. There is but one on the face of the earth—the Catholic Church, that has the power upon the conscience, **binding upon God**, binding upon the pain of hell fire. **Take, for instance, the day we celebrate— Sunday. What right have the Protestant churches to observe that day? None whatsoever. You say it is to obey the commandment, 'Remember the Sabbath day to keep it holy.' But Sunday is not the Sabbath according to the Bible and the record of time.** "Everyone knows that Sunday is the first day of the week, while Saturday is the seventh day, and the Sabbath, the day consecrated as a day of rest. It is so recognized in all civilized nations. I have repeatedly offered $1,000 to anyone who will furnish any proof from the Bible that Sunday is the day we are bound to keep, and no one has called for the money. If any person in this town will show any scripture for it, I will tomorrow evening publicly acknowledge it and thank him for it. It was the Holy Catholic Church that changed the day of rest from Saturday to Sunday, the first day of the week. And it not only compelled all to keep Sunday, but at the Council of Laodicea, AD 364, anathematized those who kept Catholic the Sabbath and urged all

persons to labor on the seventh day under penalty of anathema. “Which church does the whole civilized world obey? Protestants call us every horrible name they can think of—anti-Christ, the scarlet colored beast, Babylon, etc, and at the same time profess great reverence for the Bible, and yet by their solemn act of keeping Sunday they acknowledge the power of the Catholic Church. **The Bible says: ‘Remember the Sabbath day to keep it holy.’ But the Catholic Church says, ‘No, keep the first day of the week’ and the whole world bows in obedience**” (Uit ‘n lesing deur Father T. Enright, Rooms katolieke priester, eensmalige president van Redemption Father’s College in Kansas City, Missouri; gepubliseer in die Industrial American, Harlan, Iowa, Desember 19, 1889).

## Protestantse Erkennings

Die protestantse wêreld verstaan ook dat die sewende dag Sabbat die enigste weeklikse dag van aanbidding is wat deur die Skrif as sodanig beveel word. En tog kleef hulle aan Sondagonderhouding wat die Katolieke Kerk op suiwer menslike gesag ingestel het. Gevolglik volg Protestante die gesag van die Rooms Katolieke Kerk vir Sondagaaanbidding terwyl hulle wetende die sewende dag Sabbat van God verwerp. Soos die Katolieke Kerk tereg roem, buig die Protestante voor die gesag van Rome, beginnende met Martin Luther:

“Even such is the observance of the Lord’s day, of Easter, of Pentecost, and the like holy days, and rites. For they [who] judge that, by the authority of the Church, the observing of Sunday instead of the Sabbath day was ordained as a thing necessary to do, greatly err. The Scripture permits and grants that the keeping of the Sabbath day is now free; for it teaches that the ceremonies of Moses’ law, since the revelation of the gospel, are not necessary. And yet, because it was needful to ordain a certain day, it appears that the church did appoint Sunday, which day, as it appears, pleased them rather than the Sabbath day, even for this cause, that men might have an example of Christian liberty, and might know that the keeping and observance of either Saturday, or any other day, is not necessary” (*Augsburg Confessions*, Artikel 15).

“Is there no express commandment for observing the first day of the week as [the] Sabbath, instead of the seventh day? None whatsoever. Neither Christ, nor His apostles, nor the first Christians celebrated the first day of the week instead of the seventh [day] as the Sabbath” (New York Weekly Tribune, May 24, 1900).

“The Scriptures nowhere call the first day of the week the Sabbath. There is no scriptural authority for so doing, nor of course  any scriptural obligation” (The Baptist Watchman).

“The observation of the first instead of the seventh day rests on the testimony of the church, and the church alone” (Hobort Church News, July 2, 1894; Episcopalian).

Die oorweldigende getuienis uit die Bybel en uit die geskiedenis bewys dat die sewende dag Sabbat – Saterdag – die ware dag van rus en aanbidding is. God sit Sy teenwoordigheid in die Sabbatdag. Hy hou gemeenskap met Sy mense op daardie dag en ook op die jaarlikse heilige dae.

Noudat jy oor hierdie kennis beskik, hou God jou verantwoordelik. Wat sal jy doen? Jesus Christus beveel dat jy jou moet bekeer en die evangelie moet glo. Sal jy berou hê oor jou sonde en jou tot god wend, of sal jy voortgaan in jou sondes? Jou ewige lewe is op die spel. *Draai na God en lewe*!

As jy enige vrae het oor Sabbatsonderhouding, skryf aan:

**Christian Biblical Church of God**

**Post Office Box 1442**

**Hollister, California 95024-1442**

www.cbcg.org

www.churchathome.org

www.theoriginalbiblerestored.com

www.afaithfulversion.org